

HOOFSTUK 3

MUNISIPALE BESTUURSONTWIKKELING

Die ontstaan van moderne Krugersdorp dagteken uit 1903 met die totstandkoming van die Munisipaliteit¹ van Krugersdorp. Munisipale owerhede beskik volgens Cloete² oor vier eienskappe wat veral betrekking het op die regering van die plaaslike gemeenskap, te wete:

- Elke munisipale raad is 'n regspersoonlikheid wat in sy eie naam as regspersoon optree in die uitoefening van sy bevoegdhede en werksaamhede.
- Munisipale rade is politieke entiteite in eie reg omdat raadslede deur kiesers binne 'n afgebakende gebied verkies is.³
- Munisipale rade beskik oor spesifieke bevoegdhede en pligte wat deur middel van wetgewing aan hulle oorgedra is.
- Munisipale rade het outonomie oor sekere aangeleenthede, waaroor hulle in eie diskresie beleid en optrede bepaal.

Krugersdorp het in die bestek van enkele dekades gegroei uit 'n "vegtende dorp" tot 'n vooruitstrewende munisipaliteit, wat hom te alle tye beywer het om in die behoeftes van gelukkige en welvarende inwoners te voorsien.⁴

Hierdie hoofstuk bestaan uit 'n oorsig van die munisipale bestuursontwikkeling van Krugersdorp sedert die instelling van die eerste Munisipale Raad in 1903, tot met die totstandkoming van die Plaaslike Oorgangsraad van Krugersdorp in 1993. Die periode verteenwoordig 'n tydperk van Blanke dominasie waarin ander bevolkingsgroepe weinig sê of reg gehad het in die bestuur van die dorp. Die

¹ Die woord munisipaliteit is volgens Cloete afgelei van die Latynse woord *municipalis* wat verwys na 'n *municipium* in die Romeinse Ryk wat 'n ondergeskikte stad met 'n mate van selfregering aandui. J.J.N. Cloete, *Munisipale regering en administrasie in Suid-Afrika*, p.1.

² J.J. N. Cloete, *Munisipale regering...*, p.81.

³ In die politieke hiërargie vorm munisipale rade die derde vlak van Regering naas die Sentrale- en Provinsiale Owerhede.

⁴ Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer K35, *Krugersdorp: algemene inligting*, sd. Kyk ook feesbrochure *Krugersdorp the fighting days. Capital of the West Rand, 1887-1937*. Die verwysing na vegtende dorp het sy oorsprong waarskynlik in die Paardekraalgebeure van 1881 wat aanleiding tot die stigting van Krugersdorp gegee het. Sommige bronne verwys ook na Krugersdorp se betrokkenheid by die Jamesoninval in 1896 as aanleiding tot die bynaam "vegtende dorp".

kleurbeleid van die Nasionale Regering het verdere beperkinge van regte beteken en onderskeid getref in die bestuur van Blanke woongebiede en die woongebiede vir Nie-Blanke inwoners, asook infrastruktuurskepping, wat in die volgende twee hoofstukke bespreek word.

In die hoofstuk word oorsigtelik verwys na munisipale regulasies en nasionale wetgewing wat die bestuursontwikkeling van die dorp beïnvloed het, munisipale verkiesings, belastingbetalersverenigings en burgerlike verset teen veral die apartheidswetgewing, beheer oor die woongebiede van Nie-Blanke gemeenskappe en die toepassing van segregasie in Krugersdorp. Die doelgerigte wyse waarop finansiële bestuur toegepas is sonder om die ontwikkeling van die dorp of die lewering van munisipale dienste ernstig te skaad, geniet ook aandag. Die rol wat die personeel in die ontwikkeling van die munisipale bestuurstelsel speel, kan nie te gering geskat word nie.

3.1 MUNISIPALE BESTUUR

3.1.1 PLAASLIKE BESTUURSTELSEL

In die periode voor die uitbreek van die Suid-Afrikaanse Oorlog, was Krugersdorp, soos alle ander dorpe in die Zuid-Afrikaansche Republiek, deur die sentrale Regering bestuur en geadministreer. 'n Distrikslanddros en mynkommissaris het as plaaslike regeringsverteenvoordigers opgetree. 'n Gekose Gesondheidskomitee vir die Standplaasdorp, en een vir die Distriksdorp, het die landdros en die mynkommissaris bygestaan in die toepassing van gesondheidsregulasies, die instandhouding van strate, watervoorsiening en die uitreik van stand- en handelslisensies.⁵

Met die oornome van die dorp deur die Britse besettingsmagte tydens die Oorlog, was die dorp onder Krygswet bestuur totdat 'n Gesondheidskomitee in 1902 heringestel is om met die administrasie en beheer van die dorp behulpzaam te wees.⁶ Hierdie komitee het onder dieselfde regulasies as die

⁵ Kyk hoofstuk twee vir besonderhede oor die bestuurstelsel en werksaamhede van die Gesondheidskomitees voor 1900.

⁶ Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, Government Notice no. 126 of 1902, *Government Gazette Extraordinary*, vol.7, no.220, 25 Sept. 1903, p.922.

voor-oorlogse komitee gelet op die instandhouding van basiese dienste en gesondheidsvereistes. Die komitee het met die totstandkoming van die Munisipaliteit van Krugersdorp op 5 Desember 1903 opgehou funksioneer.⁷

Krugersdorp het munisipale status verkry ingevolge Administrateursproklamasie No. 43 van 1903 en volgens Artikel 6 en 11 van die Municipal Corporations Ordinance, No.58 van 1903.⁸ Die dorp was in vyf wyke verdeel, naamlik:

Wyk 1: Die gebied oos van Markstraat met 215 stemgeregtigde burgers.

Wyk 2: Die gebied tussen Markstraat en die polisiebarakke, onderkant die spruit met 215 stemgeregtigde burgers.

Wyk 3: Die gebied bekend as Burgershoop met 149 stemgeregtigde burgers.

Wyk 4: Die myngebied, insluitende die myne French Rand, Windsor, Violet, Luipaardsvlei, Waterfall, Lancaster, Lancaster-Wes, Champ D'Or, West Rand Mines en West Rand Central, met 283 stemgeregtigde burgers.

Wyk 5: Die dorpsgebied Randfontein, met 211 stemgeregtigde burgers.

Slegs Blanke mans was stemgeregtig. Blanke vroue het eers in 1914 stemreg vir munisipale verkiesings verkry.⁹ In hierdie stadium het vroue 24% van die totale stemgeregtigdes aan die Rand uitgemaak omdat die bevolking hoofsaaklik uit mans bestaan het.¹⁰ Die groter getal mans aan die Rand hou direk verband met die mynbouaktiwiteite. Die meerderheid prospekteerders en delwers wat hulle aan die Rand gevestig het, was enkellopende mans. Blanke mans wat 'n heenkome op die myne kom soek het, se gesinne het

⁷ Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the period ending 25 October 1904*, p.2.

⁸ Transvaalse Argiefbewaarplek (TAB), Pretoria, TKP, band 106, Administrateursproklamasie no. 43 van 1903, *Government Gazette Extraordinary*, vol.7, no.219, 25 Sept. 1903, p.922.

⁹ Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Krugersdorp Standard*, 13 Jun. 1914. Vroue het vir die eerste keer vir die Nasionale Regering stemreg verkry in 1931. Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *The Standard and West Rand Review*, 15 Mei 1931.

¹⁰ Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Krugersdorp Standard*, 13 Sep. 1913.

dikwels eers by hulle aangesluit nadat hulle 'n vaste inkomste verseker het.¹¹ Geen stemreg was aan Swartmense en Indiërs verleen nie.

Alhoewel die munisipale stelsel vir die meerderheid inwoners vreemd was, het die meeste van die 1073 stemgeregtigde burgers ywerig aan die eerste verkiesing op 5 Desember 1903 deelgeneem. Drie raadslede was vir elke wyk verkies. Die raadslede het onderskeidelik vir een, twee en drie jaar op die Munisipale Raad gedien. Die volgende persone was tot die eerste Munisipale Raad verkies (foto no. 10): R.J.L. Tindall (wyk 1 - burgemeester), R.F. Thomas (wyk 4 - onder-burgemeester), E. Hompes (wyk 1), F.W. Lewis (wyk 1), H.C. Tanner (wyk 2), R.F. Wallis (wyk 2), H. Hayes (wyk 4), W. Adam (wyk 5), J. Seehoff (wyk 2), C.A. Hadley (wyk 3), A.J. van Lingen (wyk 3), J.J. Birnie (wyk 3), J. Faull (wyk 4), R. McNallay (wyk 5) en W.J. Morcom (wyk 5).¹² Alhoewel die Afrikaanssprekende gemeenskap deel in die dorpsbestuur gehad het, is dit opmerklik dat die eerste munisipale rade in Krugersdorp bestaan het uit "vreemdelinge" wat as handelaars, mynbestuurders, wetsagente en medici die leidende rol geneem het in die uitvoerende ampte van die plaaslike bestuur. Hollands-Afrikaanse vanne van raadslede maak mettertyd hulle verskyning, maar bly vir die eerste paar dekades in die minderheid. Die eerste Afrikaans-Hollandse van kom voor in 1906 toe Gerrit van Blommenstein tot raadslid verkies is, gevolg deur J.A. Dieperink in 1918 en W.G. Delpont en J.W. Lotz in 1919. Delpont het vir 29 jaar onafgebroke as stadsraadslid diens aan die gemeenskap gelewer. Afrikaanse vanne kom sedert die twintiger en dertigerjare meer gereeld voor.¹³

Die bydrae wat munisipale raadslede tot die regering en administrasie van munisipaliteite kan lewer, word deur Cloete¹⁴ bespreek. As verteenwoordigers van die gemeenskap moet raadslede op hoogte wees van

¹¹ Kyk L. Callinicos, *Working Life 1886-1940: Factories, townships and popular culture on the Rand, A peoples's history of South Africa, Vol. 2*, pp.83,84.

¹² Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the period ending 25 October 1904*, p.2.

¹³ TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/2/80, Verkiesingsuitslae, 1903-1957. Die toetrede van Afrikaanssprekendes tot die "openbare lewe" hou verband met die opkoms van Afikaner-nasionalisme, waarna in latere hoofstukke verwys word.

¹⁴ J.J.N. Cloete, *Munisipale regering...*, pp.85-87.

die behoeftes en begeertes van inwoners en beslag gee aan hierdie behoeftes en begeertes deur middel van beraadslaging en besluitneming. Raadslede moet inwoners inlig met betrekking tot raadsbesluite en verantwoordelikheid aanvaar vir die besluite van die Raad. Dit is noodsaaklik dat raadslede op hoogte moet wees van ter sake wetgewing, ordonnansies en munisipale verordeninge sodat hulle tydens beraadslaging in die raadsvergaderings 'n wesentlike bydrae kan lewer en tot deugdelike besluite kan kom. Die bywoning van raads- en komiteevergaderings is 'n voorvereiste vir effektiewe munisipale bestuur. Aansluitend hierby moet die raadslede voortdurend op hoogte wees met die vordering en uitvoering van raadsbesluite. Saam met sy kollegas kan raadslede individueel verantwoordelik gehou word vir die bestuur, administrasie en funksionering van die munisipaliteit. 'n Goeie en gesonde verhouding met die amptenare is daarom noodsaaklik vir 'n effektiewe munisipale bestuurstelsel. Dit word ook van raadslede verwag om 'n positiewe bydrae te maak tot die ontwikkeling en instandhouding van die munisipaliteit.

Ingevolge hoofstukke vyf en ses van die *Municipal Corporations Ordinance*, No. 58 van 1903,¹⁵ is onder andere die volgende magte en pligte aan die Munisipale Raad opgedra:

- Aanstel van 'n stadsklerk en personeel.
- Die beheer en instandhouding van strate, sypaadjies, parke, tuine, waterbronne en waterleidings, kanale en damme, ensovoorts.
- Die toewysing en gebruik van pleine vir spesiale doeleindes.
- Die tydelike en permanente sluiting van paaie en die verskaffing van ompaaie.
- Die numering van huise en benaming van strate.
- Aankoop en konsolidering van dorpsgronde.
- Kontraksluiting.
- Reg van toegang tot persele en eiendom met die oog op dienslewering.

¹⁵

Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Government Gazette Extraordinary*, vol. 10, no. 137, 25 Sept. 1903, pp.312-316.

- Begrawe van armlastiges.
- Munisipale dienslewering: Strate, watervoorsiening, sanitasie en riolering, gas- en elektrisiteitsvoorsiening, begraafplase, hospitaal en biblioteek, openbare toiletgeriewe, tuine en parke, asook die opstel van regulasies en verordeninge om die dienste te beheer.
- Die hou van openbare vergaderings.
- Die uitreik van lisensies, byvoorbeeld standlisensies, handelslisensies, ensovoorts.
- Die uitoefening van inspeksies op geboue, watervoorsiening, boorgate, opvanggebiede, ensovoorts om die gesondheidsrisiko daarvan te beheer en toesig te hou oor die toepassing van regulasies en verordeninge.

Die inkomste van die Munisipale Raad vir die instandhouding van die bogenoemde dienste, is gebaseer op:

- Belastings deur die Munisipale Raad gehef op standplase.
- Boetes deur bevoegde howe opgelê en die verbeurdverklaring van borggelde vir oortredings van die munisipale regulasies.
- Lisensiegelde vir lisensies deur die Raad uitgereik, markgelde, skutgelde, tolgelde en huurgelde ingevorder.
- Koste deur die Raad bereken vir lewering van munisipale dienste en winste op hierdie dienslewering.
- Alle ander gelde deur die Raad ingevorder of ingesamel.

Die Munisipale Raad het op sy eerste vergadering, gehou op 7 Desember 1903, die verordeninge vir plaaslike bestuur soos vervat in die Municipal Corporations Ordinance, 1903, goedgekeur en die beginsel aanvaar om die bestuursfunksie na staande komitees te verwys. Die prosedure wat die Raad gevolg het, word soos volg in die Burgemeestersverslag van 1904 saamgevat: "... the Council has adopted the principle of division of labour by forming the several Standing Committees to deal with different subjects on well-defined lines, to report thereon to the Council and make such recommendations as each of the Committees thinks fit, the effect of this system being that each member will keep himself generally informed upon the entire business of the

Council, devoting more particular attention to one department in regard to which he speaks with peculiar authority and assumes a special responsibility. By dividing this work amongst its members the Council is enabled to supervise it with a degree of thoroughness which could never be obtained if the Council as a whole attended to deal with details in the first instance and in an undigested form."¹⁶

Verskeie staande komitees is in die lewe geroep vir bepaalde funksies van die Raad. Die Finansiële komitee en Algemene Sake Komitee het deurlopend sedert 1903 bestaan totdat die funksies in 1961 deur die Bestuurskomitee oorgeneem is.¹⁷ Ander staande komitees was onder andere die Werke Komitee (1905-1961), Openbare Gesondheidskomitee (1908-1965), Personeel Advieskomitee (1939-1954), Eiendomsbelastingkomitee (1949-1965), Nie-Blanke Sake Komitee (1949-1961), Verkeerskomitee (1959-1961) en Algemene Komitee (1929-1945).¹⁸ Uit die voorafgaande kan afgelei word dat die grondlegging van die munisipale bestuurstelsel soos neergelê deur die eerste Munisipale Raad in 1903, gesond en funksioneel was. Die Stadsraad van Krugersdorp volg vandag dieselfde basiese beginsel vir munisipale bestuur, aangepas by eietydse omstandighede.

Die Openbare- en Gesondheidskomitee het vanaf 7 November 1929 tot 20 September 1945 met die Algemene- en Dorpsbeplanningskomitee verenig.¹⁹ Die Openbare Gesondheidskomitee en die Nie-Blanke Sake Komitee het vanaf 12 November 1945 saam gefunksioneer,²⁰ maar dit het in 1949 verdeel in twee afsonderlike komitees.²¹ Die Openbare Gesondheidskomitee het in 1958 met die Lisensie en Verkeer komitee verenig,²² en vanaf 12 November

¹⁶ Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the period ending 25 October 1904*, p.3.

¹⁷ Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Krugersdorp Nuus*, 6 Mei 1988.

¹⁸ TAB, Pretoria, MKR, *Inventaris van die Argief van die Stadsklerk van Krugersdorp, 1901-1966*, p.xi.

¹⁹ TAB, Pretoria, MKR band 1/3/6/1/1 tot 1/3/6/1/33, *Notules Algemene en dorpsbeplanningskomitee*, 7 Nov. 1929-20 Sept. 1945.

²⁰ TAB, Pretoria, MKR band 1/3/2/1/24 tot 1/3/2/1/28, *Notules Openbare gesondheids- en Nie-Blankesake komitee*, 13 Nov. 1945-4 Okt. 1949.

²¹ TAB, Pretoria, MKR band 1/3/2/1/29 tot 1/3/2/1/34, *Notules Openbare gesondheidskomitee*, 4 Nov. 1949-16 Okt. 1958.

²² TAB, Pretoria, MKR band 1/3/5/1/13, *Notule Lisensie-, Verkeers- en Openbare gesondheidskomitee*, 17 Jul. 1958-5 Mrt. 1959.

1959 staan dit as die Lisensie en Openbare Gesondheidskomitee bekend.²³ Die Gesondheidskomitee en Lisensiekomitee verdeel in 1961 en funksioneer daarna afsonderlik.²⁴

Vanaf 7 November 1929 tot 20 September 1945 het die Algemene Sakekomitee deel geword van die Algemene Komitee, maar vanaf 11 Oktober 1945 weer as die Algemene Sakekomitee gefunksioneer.²⁵ Die Algemene- en Dorpsbeplanningskomitee het ook met die Algemene Komitee verenig in 1945.²⁶ Die Werke Komitee het ook deel gevorm van die Algemene Komitee en daarna saam met dorpsbeplanning die Werke en Dorpsbeplanningskomitee gevorm.²⁷

Die Lisensiekomitee het op 16 Junie 1949 vir die laaste keer vergader. Dit het daarna bekend gestaan as die Lisensie en Verkeerkomitee, maar in 1958 smelt dit met die Gesondheidskomitee saam om die Lisensie, Verkeer en Gesondheidskomitee te vorm.²⁸ Die Lisensiekomitee vergader weer sedert 1960 afsonderlik.²⁹

Die Munisipale Raad het aanvanklik tweeweklik vergader, maar sedert 1910 het dit elke derde week vergader.³⁰ Die Stadsraad van Krugersdorp vergader vandag een keer per maand, en die Uitvoerende Komitee weeklik.

Die meerderheid raadslede was onervare in die munisipale bestuurstelsel. Die Raad moes onverwagte probleme oorkom, wat die aanvanklike vordering en munisipale ontwikkeling vertraag het. Sake soos die vasstelling van die

²³ TAB, Pretoria, MKR band 1/3/5/1/14, *Notule Lisensie- en Openbare gesondheidskomitee*, 7 Apr. 1959-1 Apr. 1960.

²⁴ TAB, Pretoria, MKR band 1/3/5/1/15 tot 1/3/5/1/16, *Notule Lisensiekomitee*, 2 Mei 1960-24 Mei 1965.

²⁵ TAB, Pretoria, MKR band 1/3/3/1/1 tot 1/3/3/1/27, *Notule Algemene Sakekomitee*, 18 Des. 1903-6 Jun. 1960.

²⁶ TAB, Pretoria, MKR band 1/3/3/1/8, *Notule Algemene Sakekomitee*, 12 Jul. 1916-11 Apr. 1917.

²⁷ TAB, Pretoria, MKR band 1/3/4/1/24 tot 1/3/4/1/44, *Notule Werke- en Dorpsbeplanningskomitee*, 15 Nov. 1945-18 Febr. 1961.

²⁸ TAB, Pretoria, MKR band 1/3/5/1/1 tot 1/3/5/1/14, *Notule Lisensiekomitee*, 26 Mrt. 1908-1 Apr. 1960.

²⁹ TAB, Pretoria, MKR band 1/3/5/1/15 tot 1/3/5/1/16, *Notule Lisensiekomitee*, 2 Mei 1960-24 Mei 1965.

³⁰ Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the period ending 31 October 1911*, p.1.

munisipale grense, personeelprobleme, dorpsgronde en promulgering van verordeninge het baie tyd in beslag geneem. Die munisipale grense is laat in 1904 eers gefinaliseer en afgekondig onder Proklamasie no. 53 van 1904.³¹ As gevolg van die vertraging het die Raad in die eerste jaar van bestuur geen noemenswaardige projekte geloods nie, omdat die verwagte inkomste aan belasting nie bepaal kon word voordat die munisipale grense nie finaal afgebaken was nie.

Onderhandelinge vir die oordrag van dorpsgronde aan die munisipaliteit is eers in 1909 gefinaliseer met die oordrag van 1482 morg (ongeveer 1269.38 hektaar)³² van die plaas Paardekraal No. 73 onder Kroongrondbrief No. 65 van 1909. Verdere toevoegings tot die dorpsgronde was gemaak in 1910 met die oordrag van die ou Indiër lokasie (Kroongrondbrief No. 65 van 1909), die Monument Brickfields (Kroongrondbrief No. 115 van 1909) en die Burgershoop Brickfields (Kroongrondbrief No. 309 van 1909).³³

Krugersdorp is tot 'n stadsraad geproklameer ingevolge Administrateursproklamasie no. 34 van 1912 en Artikel 91 van die Zuid-Afrika Wet van 1909.³⁴ Die Raad het egter voortgegaan om as 'n munisipale Raad te vergader, wat die indruk laat dat hulle onbewus was van die verhoogde status. Geen verwysing na die verhoogde status van die Raad kon in die notules opgespoor word nie. In die aansoek van die Raad vir die toekenning van spesiale magte met betrekking tot die besit, installeer of oprig van koelkamers; beheer oor die menslike gebruik van dooie diere; en beheer oor barbiers en haarkappers, verwys die Raad na homself as die "Munisipale Raad van Krugersdorp".³⁵ Die raadsnotule van 20 Februarie 1928 meld vir die

³¹ Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the period ending 25 October 1904*, pp.3,4.

³² *Kearland's metrieke omsettings tabelle*, Een morg is gelyk aan 0.856532 hektaar, tabel 19.

³³ Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 31 October 1909*, p.13; *Mayor's Minute for the year ending 31 October 1910*, pp.13,14.

³⁴ TAB, Pretoria, TPB, band 5/10, Administrateursproklamasie no. 1:7 van 1912, *Provinsiale koerant, Transvaal*, 8 Nov. 1912, p.222.

³⁵ Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, Administrateursproklamasie no. 318 van 1912, *Provinsiale koerant, Transvaal*, 20 Des 1912, p.354.

eerste keer dat 'n vergadering van die *Stadsraad van Krugersdorp* plaasvind.³⁶

Die proklamering van Krugersdorp tot 'n Stadsraad het nie die funksionering van die Raad beïnvloed nie. Die verskil tussen 'n stadsraad en 'n dorpsraad in terme van besluitneming is nie groot nie. Stadsrade het groter bevoegdheid gehad om bindende besluite te neem, terwyl dorpsrade administrateursgoedkeuring daarvoor benodig het.

Engels was aanvanklik die amptelike voertaal van die Raad. Die gebruik van beide Afrikaans en Engels kom in vergaderingstukke en notules sedert die veertigerjare voor. Die notules van die Werke en Dorpsbeplanningskomitee was byvoorbeeld beurtelings in Afrikaans en Engels gehou.³⁷

Die Krugersdorp Stadsraad het sedert die totstandkoming van die munisipaliteit die gebruik gevolg om hulptoelaes aan verdienstelike organisasies of -sake te gee. Die toelaes van die Stadsraad aan die Wanderers Sportkomitee, Townband en die Krugersdorp Municipal Dramatic and Operatic Society is voorbeelde van toelaes wat oor 'n periode van meer as twintig jaar aan 'n organisasie gemaak is.³⁸ Hulptoelaes is ook op 'n gereelde grondslag gemaak vir die bekamping van aansteeklike siektes soos myntering en veneriese siektes.³⁹ Skole het ook by die Raad aangeklop vir hulptoelaes vir die aankoop van skoolpryse of aanbod van funksies.⁴⁰ 'n Skooldogter, Doris Spencer, het in 1933 in die munisipale swembad verdrink, waarop die Stadsraad £115 (eenhonderd-en-vyftien pond) uit sy publieke aanspreeklikheidsfonds as hulptoelae aan die Spencerfamilie uitbetaal het.⁴¹

³⁶ TAB, Pretoria, MKR, band 1/1/1/1, *Notule Stadsraad van Krugersdorp*, 20 Feb. 1928.

³⁷ TAB, Pretoria, MKR, band 1/3/4/1/24, *Notule Werke- en Dorpsbeplanningskomitee*, 1945/46.

³⁸ Die Wanderers Sportkomitee, Townband en Krugersdorp Municipal Dramatic and Operatic Society word in latere hoofstukke bespreek.

³⁹ TAB, Pretoria, TPB, band 2366, verw. TA22/8336, hulptoelae aan die S.A. Phthisis Association, 27 Apr. 1926; verw. TA16/8336, hulptoelae vir bekamping van veneriese siektes, 27 Febr. 1923.

⁴⁰ TAB, Pretoria, TPB, band 2366, verw. TA31/8336, hulptoelae aan National Thrift Organisation vir skoolpryse, 1 Nov. 1932; verw. TA15/8336, hulptoelae aan Burgershoop Goewermentskool vir aanbod van skoolkonsert, 11 Mei 1921.

⁴¹ TAB, Pretoria, TPB, band 2366, verw. TA33/8336, hulptoelae aan Spencerfamilie, 26 Jun. 1933. Die Raad se versekeraars het 'n verdere £385 (driehonderd vyf-en-tagtig pond) aan die familie uitbetaal.

Die Stadsraad moes in die meeste van die genoemde voorbeelde vooraf goedkeuring vir die uitbetaling van hulptoelaes by die Administrateur van die provinsie verkry. Die Ouditeur-generaal het 'n versoek vir die betaling van 'n hulptoelae ten bedrae van £10-10-0 (tien pond en tien sjelings) aan die Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseaangeleenthede afgekeur op grond van die Regering se sienswyse dat die Instituut die staat benadeel.⁴² Geen verwysing vir die toekenning van hulptoelaes aan Nie-Blanke organisasies, behalwe vir die instandhouding van sportfasiliteite,⁴³ wat in elk geval die verantwoordelikheid van die munisipaliteit was, kon opgespoor word nie. In die lig van die politieke status van Nie-Blankes is dit onwaarskynlik dat hulptoelaes aan hulle uitbetaal is. Volgens die gemelde skrywe van die ouditeur-generaal kan hulptoelaes alleen oorweeg word as dit uit die naturelle-inkomsterekening gemaak word. Die stand van hierdie rekening was oor die algemeen so laag en die aanvraag na dienslewering in die woongebiede van Nie-Blankes inwoners so hoog, dat weinig fondse vir hulptoelaes daaruit beskikbaar was.⁴⁴

Die Munisipale Raad het kragtens die Municipal Corporations Ordinance, 1903, bevoegdheid ontvang om verordeninge te maak, te verander of te herroep vir die regulering van sy pligte en dienste aan die gemeenskap. Gedurende die eerste jare van die Raad is verskeie dorpsverordeninge gepromulgeer, nadat daar aanvanklik gewag is vir die publikasie van "Model By-laws" deur die owerheid.⁴⁵ Verordeninge vir die beheer van "Kaffir Eating Houses" het so vroeg as 14 Januarie 1904 voor die munisipale Raad gedien.⁴⁶ Die verordeninge reël die toekenning van lisensies, bepaal besigheidsure en reguleer die toestand van die eethuis en fasiliteite. Lisensies vir "Kaffir Eating

⁴² TAB, Pretoria, TPB, band 2366, verw. TA35/8336, Kommentaar Ouditeur-generaal-Adjunk-sekretaris, 19 Jan. 1935.

⁴³ TAB, Pretoria, MKR, band 1/3/2/57, korrespondensielêer C19, Hulptoelaes aan *West Rand Football Association*, 7 Apr. 1952; *Revivers Tennis Club*, 15 Aug. 1952.

⁴⁴ Kyk A.J. Potgieter, *Die swartes aan die Witwatersrand, 1900-1933*, p.63; C.J.P. le Roux, "Rol van die Naturelle Adviesraad op plaaslike bestuursvlak in Bloemfontein, 1923-1948, *Contree* no. 25, Apr. 1989, pp.5-11.

⁴⁵ Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the period ending 25 October 1904*, p.4.

⁴⁶ TAB, Pretoria, MKR, band 1/1/1/1, *Notule Munisipale Raad van Krugersdorp*, 14 Jan. 1904.

Houses” was hoofsaaklik aan Indiërs en Sjinese toegeken, maar hulle besigheid was beperk tot die Swartwoongebiede.

‘n Verskeidenheid verordeninge is met die verloop van jare gepromulgeer vir die regulering van gesondheidsdienste en sanitasie, brandweerdienste en brandvoorkoming, waterregulasies, verkeersdienste, hondelisensies, handelslisensie, marskramers en venters, ensovoorts. Hierdie regulasies is van tyd tot tyd aangepas, herroep en verander.⁴⁷ Die munisipale verordeninge is, soos die nasionale wette en provinsiale ordonnansies, afdwingbaar in die geregshowe. Strawwe kan vir die oortreding daarvan opgelê word. Die wetgewende bevoegdheid van munisipaliteite is egter beperk en onderhewig aan die goedkeuring van die provinsiale owerheid. Munisipale verordeninge mag ingevolge die Transvaal Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, No.17 van 1939, nie aanvaar, gewysig of herroep word nie as dit nie vir 21 dae voor die datum van die vergadering waarmee die aanvaarding, wysiging of herroeping sal plaasvind, daarvan kennis gegee is nie.⁴⁸

Die munisipale bestuurstelsel het sedert die totstandkoming van munisipaliteite in 1903 weinig verandering ondergaan. Die Municipal Corporations Ordinance, no.43 van 1903 is na verskeie wysigings in 1939 gekonsolideer in die (Transvaal) Ordonnansie vir Plaaslike Owerhede, no.17 van 1939.⁴⁹ Die munisipale bestuurstelsel in Krugersdorp het ingevolge hierdie ordonnansies, soos reeds verwys, berus op ‘n meervoudige komiteestelsel. Elke komitee was gemoeid met ‘n spesifieke of ‘n groep funksionele terreine. Wat die administratiewe sy betref, het die departement van die stads-klerk die sekretariaat van die Munisipale Raad gevorm. Die stads-klerk was belas met die notules, dokumente en korrespondensie van die Raad en die koördinerende van departementele werksaamhede. Die stadstesourier was nie net verantwoordelik vir die rekening- en tesourie-afdeling van die munisipaliteit nie, maar hy was ook die Raad se finansiële raadgewer. Dit spreek vanself dat die stadstesourier ‘n belangrike rol gespeel

⁴⁷ Biblioteek, Krugersdorp, Africnaversameling, inligtingslêer B39, *Bywette*, 1932-1934.

⁴⁸ J.J.N. Cloete, *Munisipale regering...*, pp.74-77.

⁴⁹ J.J.N. Cloete, *Central, regional and local government institutions of South Africa*, p.188.

het in die opstel van die jaarlikse begroting. Die hoofamptenare van die verskillende departemente - stadsingénieur, verkeershoof, gesondheids- en sanitasiehoof, brandweerhoof, hoof van werke en die bestuurder van Nie-Blankesake - het op 'n intieme wyse met die komitees saamgewerk en dikwels vanweë hulle deskundige kennis en ervaring 'n eie stempel op die werksaamhede van die komitees afgedruk.⁵⁰

Die Transvaalse Provinsiale Administrasie het in 1953/54 die Marais-kommissie in die lewe geroep om die bestuurstelsel van plaaslike owerhede te ondersoek. Die opdrag aan die kommissie het 'n ondersoek na bestaande provinsiale wetgewing rakende plaaslike besture en beheer deur die Administrateur van die provinsie ingesluit. Verder moes die kommissie ook aanbevelings maak ten opsigte van die kwalifikasies, bevoegdhede en funksies van raadslede, die plek wat die stadsklerk beklee in die administrasie van 'n plaaslike bestuur, en die skepping van 'n klassifikasie van poste en bepaling van salarisskale vir amptenary in munisipale diens. Die vraag in watter opsigte die bestaande stelsel van lisensiëring van bedrywe, beroepe en besighede verbeter kon word, het die indringende aandag van die kommissie geniet. Die voorkoming van wanpraktyke met betrekking tot die vervreemding van grond, kontraktering van raadslede, toeken van tenders en die stelsel waarvolgens dorpbeplanningskemas gewysig word, moes ook uitgesorteer word.

Die aanbevelings van die Maraiskommissie het gelei tot die promulgering van 'n nuwe ordonnansie vir plaaslike owerhede, naamlik Ordonnansie No.40 van 1960. Die Ordonnansie op Plaaslike Owerhede het die stadsklerk verantwoordelik gemaak vir die munisipale administrasie van die plaaslike owerheid, terwyl 'n verkose bestuurkomitee verantwoordelik was vir bestuursbesluite, wat deur die Stadsraad gekondoneer of goedgekeur moes word. Die funksies van die stadsklerk as hoof uitvoerende beampte onder die nuwe ordonnansie, kan kortliks soos volg opgesom word:

- Oordra van uitvoerende besluite van die Raad en -komitees aan personeel met rigtinggewende betrokkenheid met betrekking tot die wyse waarop die besluite uitgevoer moet word.
- Doen verslag aan die Raad en -komitees insake die wyses waarop besluite uitgevoer is.
- Wys tekortkominge in die munisipale dienslewering aan die Raad en -komitees uit en maak aanbevelings vir die opgradering van dienslewering.⁵¹

Die implementering van die Ordonnansie op Plaaslike Owerhede het die bestuurstelsel van munisipaliteite op een lees geskoei en onderskeid gemaak tussen die verantwoordelikheid van die amptenary aan die een kant en die raadslede aan die ander kant. Raadslede is verantwoordelik vir besluitneming en toesighouding oor die uitvoering van besluite en funksies, terwyl die amptenary verantwoordelik is vir die fisiese uitvoering van die besluite onder leiding van die stadsklerk. 'n Gedragskode vir Raadslede bepaal die optrede van raadslede teenoor die amptenary.⁵²

Die bestuurskomiteestelsel het ingrypende verandering in die tradisionale stelsel van munisipale bestuur in Suid-Afrika teweeggebring. Die belangrikste verandering met betrekking tot Krugersdorp is dat dit groter doeltreffendheid in die funksionele dienslewering gebring het omdat munisipale werksaamhede beter gekoördineer is. Werkverrigting is bespoedig deur middel van delegasie van bevoegdhede, wat inmenging van raadslede in alledaagse werkverrigting beperk het.

Die promulgering van die nuwe Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika in 1983, No. 110 van 1983, het ingrypende verandering in die munisipale stelsel in Suid-Afrika teweeggebring. Afdeling 14 en Skedule 1 van die Grondwet het bepaal dat plaaslike owerhede vir Blankes-, Indiërs- en Bruinmense voortaan as "eie sake" deur die onderskeie Huise in die

⁵¹ Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer T7, *Town Clerk*, 1960.

⁵² Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer K51, *Standing Orders*, 1960.

parlement hanteer moes word. Met die promulgering van die Wet op Plaaslike Owerhede, No. 69 van 1986 het provinsiale rade beheer oor munisipale owerhede verloor. Beheer oor munisipale owerhede vir Blankes, Indiërs en Bruinmense het met die promulgering van hierdie wet oorgegaan in die hande van die nasionale regering. Die nasionale regering het reeds vir dekades deur middel van die Departement Naturellesake beheer oor Swart“plaaslike regering” uitgeoefen. Die “Eiesake Departement” in elke huis van die parlement het in 1991 verander na die Departement vir Plaaslike Owerhede en Behuising.⁵³

Waar die Blanke politieke siening in die sestiger- en sewentigerjare meer gematig was, word die tagtigerjare gekenmerk deur ‘n meer regse politieke beweging, wat deur die stigting van die Konserwatiewe Party in 1982 versterk is. Die beweging van die (Blanke) politiek na regs gedurende die tagtigerjare hou hiermee verband. Die Konserwatiewe Party het in 1988 beheer oor die Krugersdorp Stadsraad verkry. Bevoorregting van die Blanke in Krugersdorp in die besluite van die Stadsraad kan nie sonder meer aan die groter regse politieke inslag toegeskryf word nie. Die bestaan van afsonderlike munisipaliteite in die Swart-, Indiër- en Bruingebiede in hierdie periode, moet nie buite rekening gelaat word nie. Die Konserwatiewe Party-beheerde Stadsraad het immers ‘n Blanke munisipale gebied beheer en bestuur. Die ondoeltreffendheid waarmee die munisipaliteite in Kagiso en Munsieville, en in ‘n mindere mate Azaadville, gefunksioneer het, moet in die lig van die politieke radikalisme en verset van die Swart-, Indiër- en Bruingemeenskappe teen die nasionale politieke bestel, gesien word.⁵⁴

Die proses om die munisipale bestuurstelsel in Krugersdorp te hervorm het gelyktydig met die proses van nasionale politieke hervorming, wat op die ontbanning van die African National Congress en die vrylating van Nelson Mandela uit die gevangenis in 1990 gevolg het, plaasgevind. Die totstandkoming van die Krugersdorp Plaaslike Oorgangsraad in 1993 met die

⁵³

J.J.N. Cloete, *Central, regional and local government...*, pp.189-191.

⁵⁴

Die munisipale bestuur oor Swart-, Indiër- en Bruinwoongebiede en die politieke verset van hierdie gemeenskappe word onder afsonderlike opskrifte bespreek.

amalgamerings van die Krugersdorp-, Munsieville-, Kagiso- en Azaadville munisipaliteite, het beslag gegee aan die plaaslike onderhandeling vir 'n demokratiese munisipale bestuursstelsel.⁵⁵

3.1.2 FINANSIËLE BESTUUR

Die eerste Munisipale Raad het 'n Finansiële Komitee aangestel om die finansies van die Raad te reguleer ingevolge die bepalings van die Municipal Corporations Ordinance, No.58 van 1903.⁵⁶ Die pligte van die Finansiële Komitee word in die *Staatse Verordeninge* bepaal. Hierdie pligte kan soos volg saamgevat word.

- Stel die inkomste en uitgawebegroting op en doen sesmaandeliks verslag van die stand van die Raad se finansiële posisie met die oog op tariefaanpassings vir erfbelasting en dienste.
- Hou toesig oor die boekhouding en administrasie van die Departement van die Stadstoesourier.
- Oorweeg en beveel by die Raad aan die konsolidering van lenings, delgingsfondse, leningsheffings, skuldvereffening, belegging van finansiële oorskotte, ensovoorts.
- Lê van tyd tot tyd opsommende state voor van inkomstes en uitgawes, met onderskeid tussen lopende- en kapitaaluitgawes.
- Stel riglyne op vir onderkomitees van die Raad vir verantwoordelike finansiële bestuur en terugrapportering aan die Finansiële Komitee.
- Maak voorsiening vir jaarlikse voorraadopnames en audit.
- Bepaal beleid vir die hantering van finansies deur die amptenary, en bring veranderinge aan die bestaande prosedures aan waar nodig.
- Bestuur en beheer raadsfondse, byvoorbeeld die Delgingsfonds, Voorsorgfonds, ensovoorts.

⁵⁵ Die omvangrykheid van die onderhandeling en die politieke oorgangsproses sedert 1990 regverdig 'n onafhanklike studie.

⁵⁶ Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 24 October 1905*, pp.5,6.

- Oefen finansiële beheer uit oor munisipale dienslewering en toesighouding oor aankope.⁵⁷

In die praktyk het dit beteken dat die Stadsraad geen uitgawes goedgekeur het nie tensy dit eers deur die Finansiëkomitee ondersoek en goedgekeur is nie. Die Finansiëkomitee het daarom op 'n gereelde grondslag terugvoering aan die Raad gegee met betrekking tot finansiële uitgawes en die vordering van werke en dienslewering.⁵⁸

Die Finansiëkomitee is ook ingevolge die Staande Verordeninge verantwoordelik vir die opstel van die jaarlikse begroting. Die begroting vir die volgende finansiële jaar is jaarliks in Junie aan die Stadsraad voorgelê vir goedkeuring. Die voorlegging het gepaard gegaan met aanbevelings vir tariefverhogings en die belê van kapitaal in 'n verskeidenheid fondse wat deur die Stadsraad beheer word. Die begroting word jaarliks in Desember hersien met die oog op tariefaanpassings,⁵⁹ veral ten opsigte van die betaling van erfbelasting. Erfbelasting is byvoorbeeld in 1933 bereken teen een pennie per pond op die waardasie van die grond, betaalbaar in twee sesmaandelikse paalemente wat bereken is teen 'n halfpennie per pond van die waardasiebedrag. Die belasting op geboue en verbeteringe is bereken teen 2½p (twee-en-'n-half pennie) per pond van die waardasiebedrag.⁶⁰

Geen betalings kan sonder die magtiging van die Finansiëkomitee gemaak word nie. Geen magtiging vir betalings is verleen as die item waarvoor die uitgawes aangegaan is, nie voor begroot is nie. Betalings het binne dertig dae geskied. Die uitgawes wat die Finansiëkomitee gemagtig het, is aan die Stadsraad voorgelê vir goedkeuring. Alle betalings het per tjek geskied. Die

⁵⁷ Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Municipality of Krugersdorp: Standing Orders*, 1926, pp.16-22.

⁵⁸ Verwys na Raadsnotules in TAB, Pretoria, MKR, band 1/1/1/1 tot 1/1/1/13, *Notules Munisipale Raad*, 7 Des. 1903 tot 11 Okt. 1912; band 1/1/1/14 tot 1/1/1/50, *Notules Stadsraad*, 22 Okt. 1912 tot 18 Des. 1934.

⁵⁹ Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Municipality of Krugersdorp: Standing Orders*, 1926, pp.11-18.

⁶⁰ TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/1/158, korrespondensielêer H23, *Munisipale kennisgewing no. 72 van 1933*, 24 Mrt. 1933.

verskillende komitees van die Raad, byvoorbeeld die Werkekomitee, is verantwoordelik vir die goedkeuring en indien van fakture aan die Finansiëkomitee vir aankope of werk wat op die afdeling van die betrokke komitee betrekking het. Die tjeks is onderteken deur die Stadstesourier en twee lede van die Finansiëkomitee. Die rekenings en betaling daarvan is deur die Stadstesourier geregistreer voordat dit vir betaling aan die Finansiëkomitee voorgelê is.⁶¹

Al die werk in die munisipaliteit wat nie departementeel uitgevoer kan word nie, word op tender uitgesit. Tenders moet verseël in die tenderbus by die munisipale kantore geplaas word, waar dit ná sluitingsdatum deur die “tenderkomitee” geopen word. Hierdie komitee bestaan uit twee raadslede en die stadsklerk. Die hoof funksie van die tenderkomitee is om die tenderdokumente oop te maak, te nommer en in ‘n register aan te teken. Hierdie handeling geskied vyftien minute voor die aanvang van die vergadering van die Finansiëkomitee. Die Finansiëkomitee moet redes verskaf waarom hulle nie die goedkoopste tender aanvaar vir ‘n bepaalde werk nie. Die komitee het ook die reg om spesifieke werk nie op tender uit te plaas nie, maar die werk direk aan ‘n spesifieke diensverskaffer toe te ken.⁶²

Die Finansiëkomitee is ook verantwoordelik vir die opstel van ‘n kapitaalbegroting met inagneming van die beskikbaarheid van fondse en die verkryging van lenings om die kapitaalprojekte te dra. Die wyse waarop die lenings gedelg sal word, moet ook in die voorlegging aan die Stadsraad gemotiveer word. Kapitaalluitgawes van meer as £1000 (eenduisend pond) was in 1926 nog onderhewig aan die goedkeuring van die Staatstesourier. Die Stadsraad moes in hierdie gevalle binne sewe dae die voorwaardes verbonde aan die goedkeuring van die uitgawe of toekenning van leningsbevoegdheid aan die Stadsraad, bestudeer. Die bedrag van die kapitaalluitgawes kon in elk geval nie die begrote bedrag oorskrei nie. Geen

⁶¹ Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Municipality of Krugersdorp: Standing Orders*, 1926, pp.18-29.

⁶² Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Municipality of Krugersdorp: Standing Orders*, 1926, p.19.

besparings elders op die begroting kan vir oorskrydings van kapitaalluitgawes aangewend word sonder die goedkeuring van die Finansiële komitee nie.⁶³

Die volgende bates en laste van die voormalige Gesondheidskomitee is in Desember 1903 na die munisipaliteit oorgedra.⁶⁴

BATES EN LASTE : GESONDHEIDSKOMITEE : 1903			
Bates		Laste	
Waterskema	£1163/11/1	Regeringslening	£3200/0/0
Kamponggeboue	£492/18/8	Krediteure	£797/4/3
Diere	£1462/4/7	Gesondheids Dept.	£37/15/6
Toerusting (gesondheid)	£1014/5/0	Skutafwagrekening	£125/15/6
Toerusting (paaie)	£478/17/2		
Voorraad	£246/10/0		
Agterstallige sanitasiefooie	£1807/6/9		
Kantoortoerusting	£128/14/10		
Biblioteek	£26/11/3		
Kontant in bank	£213/13/7		
Totale bates	£7034/12/11	Totale laste	£4160/15/3

Figuur 6

Die surplus bates wat na die munisipaliteit oorgedra is het £2873/7/8 beloop. Die Munisipale Raad het in sy eerste jaar heelwat kapitaalluitgawes aangegaan,⁶⁵ maar 'n lae inkomste geniet omdat geen erfbelasting gevorder is as gevolg van die afwesigheid van 'n waardasierol. Slegs die Sanitasieafdeling was winsgewend bedryf, maar die algemene lopende uitgawes van die Raad was veel groter as die inkomste wat hierdie afdeling kon inbring. Die Munisipale Raad het daarom verskeie bronne van inkomste ondersoek. Die oordra van 'n gedeelte van die standlisensiegelde en gelde gevorder met die uitreiking van passe is in opvolging hiervan met die *Financial Relations Commission* bespreek.⁶⁶ Die onderhandelinge met die Financial Relations Commission vir die oordra van 'n gedeelte van die gelde wat die

⁶³ Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Municipality of Krugersdorp: Standing Orders*, 1926, pp.20-22. Kyk ook *Mayor's Minute for the year ending 25 October 1916*, p.28 en TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/2/51, korrespondensielêer C13, Brief Stadsklerk Krugersdorp-Provinsiale Sekretaris, 17 Okt. 1917.

⁶⁴ Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 25 October 1904*, p.12.

⁶⁵ Verwys na hoofstuk vyf vir besonderhede met betrekking tot die kapitaalluitgawes.

⁶⁶ Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 25 October 1904*, pp.5,6.

munisipaliteit vorder met die uitreiking van passe, was nie suksesvol nie. Die munisipaliteit het in 1949 volgens die begrotingsrede van die voorsitter van die Finansiële Komitee nog steeds nie 'n gedeelte van die inkomste uit hierdie "bron" gekry nie.⁶⁷ Die inkomste uit die pasregulasies is in die Naturelle-inkomsterekening van die Departement Nie-Blankesake inbetaal.⁶⁸

Die Munisipale Raad het reeds in 1904 onderhandelings begin aanknoop om 'n lening ten bedrae van £100 000 (eenhonderd duisend pond) aan te gaan vir die finansiering van die volgende kapitaalprojekte:⁶⁹

Waterwerke	£20 000
Elektrisiteitskema	£15 000
Paaie en strate	£45 000
Stadsaal en markgebou	£12 000
Brandbestrydingtoerusting	£20 000
Sportgronde en pawiljoen	£ 6 000

Die Krugersdorp gemeenskap het in 1905 op 'n openbare vergadering aanspreeklikheid vir die beoogde lening van £100 000 aanvaar.⁷⁰ Die lening is in Desember 1905 beklink nadat tenders vanaf al die bankinstellings in Krugersdorp daarvoor ontvang is. Die Munisipale Raad het die tender van die Nasionale Bank, wat die lening in Londen teen 4% rente op die geldmark genoteer het, aanvaar. Die lening was oor 'n termyn van derig jaar terugbetaalbaar. Die leningsbedrag was vinnig volgeskryf. Die Munisipale Raad het die gedeelte van die lening wat hulle nie onmiddellik kon aanwend nie, £75500, vir een jaar op 'n vaste belegging by die bank geplaas. Die Raad het in hierdie stadium besluit om ook 'n slagpale ten bedrae van £2000 (twee duisend pond) by die bestaande lys kapitaalprojekte te voeg.⁷¹

⁶⁷ Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Town Council of Krugersdorp: Budget Speech, 1949-1950*, L. Friedman, 21 Jul. 1949, pp.10,11.

⁶⁸ Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Town Council of Krugersdorp: Budget Speech 1942-1943*, J.F.M. Bolton, 29 Jun. 1942, pp.8-10.

⁶⁹ Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 25 October 1904*, p.5.

⁷⁰ Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 25 October 1905*, p.16.

⁷¹ Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 31 October 1906*, p.20. Kyk ook TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/2/51, korrespondensieëlêër C13, Uittreksel uit Raadsnotule, 14 Nov. 1905.

Fondse uit die leningsrekening van £100 000 is in 1914 ten volle vir die genoemde kapitaalprojekte aangewend.⁷² Die Stadsraad het in 1915 besluit om die delging van die leningsrekening aan te vul deur middel van aandelespekulasie op die Londense mark, maar as gevolg van die oorlog was dit baie moeilik om aandele hiervoor te bekom. Desnieteenstaande het die Stadsraad 'n wins van £450 (vierhonderd en vyftig pond) in 1915 met die spekulasie gemaak.⁷³ Die Stadsraad het in 1916 nog £61 917 (een-en-sestigduisend negehonderd-en-sewentien pond) op die leningsrekening geskuld.⁷⁴

Die ontwikkeling van munisipale dienste het in 1914 met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog afgeplat. Die Stadsraad het in hierdie tyd geen lenings aangegaan vir die finansiering van sy kapitaaluitgawes nie. Die Raad het as alternatief sy oortrokke bankrekening na £35 000 (vyf-en-dertigduisend pond) vergroot ten einde kleiner kapitaaluitgawes toe te laat. Die Nasionale Bank was nie bereid om die Stadsraad se oortrokke fasiliteite onvoorwaardelik te verhoog nie. Die gevolg is dat die Finansiële Komitee 'n beter ooreenkoms met die Standard Bank beding het en die Raad se bankrekening na die Standard Bank laat oorplaas het.⁷⁵ Die Stadsraad wou in 1916 die oortrokke fasiliteite verder verhoog, maar die Administrateur van Transvaal het die Raad gelas om op sy kapitaaluitgawes te besnoei as gevolg van die oorlog. Die hernuwing van die £35000 oortrokke fasiliteit is nietemin goedgekeur.⁷⁶

Die Stadsraad van Krugersdorp het tydens die Tweede Wêreldoorlog 'n soortgelyke finansiële beleid gevolg. In sy begrotingsrede van 29 Junie 1942 verwys Raadslid J.F.M. Bolton, voorsitter van die Finansiële Komitee, na 'n

⁷² Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 31 October 1914*, p.60.

⁷³ Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 20 November 1915*, p.29.

⁷⁴ Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 25 October 1916*, p.27.

⁷⁵ Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 31 October 1914*, pp.27,28.

⁷⁶ Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 25 October 1916*, p.28.

“economic war-time policy” en “pay-as-you-go” benadering. In die praktyk het dit beteken dat die Stadsraad geen lenings vir kapitaaluitgawes aangegaan het nie, nie eens uit sy eie kapitaalfondse, byvoorbeeld die leningsdelgingsfonds, nie. Kapitaaluitgawes was slegs vir noodsaaklikhede en in noodgevalle goedgekeur. In hierdie tyd het die sogenaamde “war-time expenditure” vir die beveiliging van reservoirs deur ‘n spesiale tuiswag, £36 005 beloop.⁷⁷

Erfbelasting en die verkoop van munisipale dienste, byvoorbeeld water en elektrisiteit, is die hoofbronne van inkomste vir die Stadsraad. Tekorte op die begroting is met die toestemming van die Administrateur van die provinsie deur middel van kapitaalleninge en oortrokke bankfasiliteite aangevul.⁷⁸ Die mark, die slagpale en die afdelings vir sanitasie, vullisverwydering, watervoorsiening en elektrisiteitsvoorsiening is as die “handelsafdelings” gesien omdat inwoners vir hierdie dienslewering betaal het.⁷⁹ Die inkomste wat hierdie departemente inbring het, was deurgaans te min vir die Stadsraad om die munisipaliteit winsgewend te kan bedryf. Die uitgawes het jaarliks die inkomste in ‘n mindere of meerdere mate oorskry. Die gevolg hiervan is dat die Stadsraad nooit die oortrokke bankrekening afgelos het tot ‘n nulbalans nie, maar dat die rekening van jaar tot jaar gefluktueer het. Kapitaalprojekte, veral groot ontwikkelings soos die elektrisiteitskema, is gefinansier deur middel van kapitaalleninge, wat gedolg is deur middel van diensteheffings en die verkoop van dienste.⁸⁰ Die onderstaande grafiek gee ‘n weergawe van die Stadsraad se kapitaaluitgawes vir die periode 1928-1937.⁸¹


⁷⁷ Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Town Council of Krugersdorp: Budget Speech 1942-1943*, J.F.M. Bolton, 29 Jun. 1942, pp.1,2.

⁷⁸ Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Municipality of Krugersdorp: Standing Orders*, 1926, pp.16-22.

⁷⁹ Kyk Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Town Council of Krugersdorp: Budget Speech 1942-1943*, J.F.M. Bolton, 26 Jun. 1942, p.4.

⁸⁰ Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Town Council of Krugersdorp: Budget Speech 1948-1949*, H. Pannall, 6 Jun. 1948, pp.6-9. Slegs een bron word aangehaal. Die Africanaversameling het begrotingsredes en jaarlikse begrotingstate wat die volle periode van die studie, 1903-1993, dek. Die goedkeuring van lenings vir kapitaalprojekte word deurgaans in hierdie bronne vermeld.

⁸¹ Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Town Council of Krugersdorp, Estimates 1938-1939*, Speech E. Gitsham, 27 Jun. 1938, p.15.



Figuur 7


Die effek van die wêreldwye depressie in die laat twintigerjare op die beskikbaarheid van geld kan duidelik in die grafiek waargeneem word. Die Stadsraad moes in die jaar 1930 swaar op sy eie kapitaalreserwefonds steun vir die finansiering van uitgawes. Die groter beskikbaarheid van geld ná die depressie het tot buitengewone groot lenings gelei as dit met die leningsrekening van 1928 vergelyk word. Die groter leningsrekening hou verband met die ontwikkeling van nuwe dorpsgebiede (Monument, Wentworth Park, en Kenmare) in die middel dertigerjare. Hierdie ontwikkeling het tot 'n toename in die inkomsterekening gelei as gevolg van die verkoop van erwe en die groter aantal verbruikers van munisipale dienste.

Die leningsrekening van die Stadsraad was £336 868 in 1938, wat £18.15 per kapita van die totale Blanke bevolking is.⁸² Die toename in die leningsrekening dui die fenomenale groei wat Krugersdorp gedurende die laat dertigerjare as gevolg van verstedeliking beleef het, aan. Hierdie groei het op

⁸²

Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling. *Town Council of Krugersdorp: Estimates 1938-1939*, Speech E. Gitsham, 27 Jun. 1938, p.13.

alle terreine van munisipale dienslewering plaasgevind, soos saamgevat in die onderstaande grafiek.⁸³




Figuur 8

⁸³

Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Town Council of Krugersdorp: Budget Speech 1948-1949*, H. Pannall, 6 Jul. 1948, Schedule B; *Stadsraad van Krugersdorp: Begrotingsrede 1958-1959*, P.J.M. du Plessis, 3 Jul. 1958, p.13; *Stadsraad van Krugersdorp: Begrotingsrede 1961-1962*, P.J.M. du Plessis, 19 Jun. 1962, p.16.

Die groeitendens is in die sestiger en later jare voortgesit, soos aangetoon in die onderstaande grafiek vir die periode 1975/76 tot 1981/82.⁸⁴



Figuur 9

Die tekort wat oor 'n periode van vier jaar ten opsigte van behuising aangetoon word, hou verband met die ontwikkeling van nuwe residensiële gebiede. In die ooreenstemmende periode dui die statistieke 'n tekort ten opsigte van behuising vir die Wesrand as streek aan. Die gevolgtrekking is dat die behuising verband hou met die groepsgebiedeontwikkeling, veral met verwysing na die ontwikkeling van Azaadville as woongebied vir Indiërs en Toekomsrus as woongebied vir Bruinmense.

Uitgawes met betrekking tot die Swart-, Bruin-, en Indiërwoongebiede is uit die Naturelle-inkomsterekening betaal. Geen geld van Blanke

belastingbetalers is volgens Raadslid J.F.M. Bolton gebruik vir die instandhouding en ontwikkeling van hierdie woongebiede nie. Die Naturelle-inkomsterekening het aan die einde van 1940/41 belastingjaar 'n tekort van £3100 (drieduisend eenhonderd pond) gehad ten spyte van verhogings in die prys van drankverkope en die uitreik van woonpermitte. Hierdie tekort is toegeskryf aan verhogings in die administrasiekostes en 'n bykomende klerk wat in die Nie-Blankesake Departement aangestel is. Verder het die hervestiging van inwoners vanaf die Ou lokasie na die Nuwe lokasie ook buitengewone uitgawes meegebring. Die tekort is gedra uit 'n klein reserwefonds wat die Naturelle-inkomsterekening met verloop van jare opgebou het. Die tekort is dus ook nie uit fondse van die Blanke belastingbetalers gedra nie.⁸⁵

Inkomste uit die Munisipale Biersale was die hoofbron van inkomste vir die Naturelle-inkomsterekening. Die ligging van die biersaal in die Nuwe lokasie was minder toeganklik vir Swart-mynwerkers, wat 'n betekenisvolle afname aan inkomste uit hierdie bron vir die Stadsraad beteken het.⁸⁶ Die omset van die biersaal in die Lewishamlokasie was reeds sedert 1938 drie keer groter as dié van die Ou lokasie, juis as gevolg van die eersgenoemde biersaal se groter toeganklikheid vir Swart-mynwerkers.⁸⁷ Dit blyk dat die ondersoekbeampte na Munisipale Biersale se bewering dat die hoofoogmerk van drankverkope aan Swartmense die finansiering van die Naturelle-inkomsterekening is, in die geval van Krugersdorp waar is.⁸⁸ Die onderstaande tabel dui die lopende uitgawes met betrekking tot die munisipale biersale en die wins wat die Stadsraad op die verkoop van drank in die biersale gemaak het, aan.⁸⁹

Owerhede, Verslag no. 13-3-11 tot 13-3-17.

⁸⁵ Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Town Council of Krugersdorp: Budget Speech 1942-1943*, J.F.M. Bolton, 29 Jun. 1942, pp.8-10.

⁸⁶ Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Town Council of Krugersdorp: Budget Speech 1942-1943*, J.F.M. Bolton, 29 Jun. 1942, p.10.

⁸⁷ Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Town Council of Krugersdorp: Estimates 1938-1939, Speech*, E. Gitsham, 27 Jun. 1938, pp.9,10.

⁸⁸ Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer B4, S. Lewis, *Evidence submitted to the Native Affairs Commission*, pp.6-10.

⁸⁹ RSA, Departement Statistiek, *Statistieke vir Plaaslike Owerhede*, Verslag no. 13-03-02 tot 13-03-08; 1966/67 tot 1972/73.

3.1.3 LOPENDE KOSTE VAN MUNISIPALE BIERSALE KRUGERSDORP R1000					
Verslagjaar	Totale lopende koste	Totale lopende uitgawe	Oorskot op lopende rekening	Kapitaal- uitgawes	Vergoeding aan werknemers
1966/67	802	620	182	20	63
1967/68	866	683	203	19	73
1968/69	953	709	244	9	88
1969/70	1087	819	268	36	102
1970/71	1160	790	370	6	118
1971/72	789	422	361	0	91
1972/73	887	450	437	0	130

Figuur 10

Die oorskot op die lopende rekening is 'n duidelike aanduiding dat die Krugersdorp Stadsraad gereelde groot winste gemaak het uit die verkoop van drank in die munisipale biersale. Die munisipaliteit van Krugersdorp kon ingevolge 'n ooreenkoms met die Regering in 1949, twee-derdes van die inkomste uit die drankverkope vir sub-ekonomiese behuising in die lokasies aanwend.⁹⁰

Die toenemende koste verbonde aan die administrasie van die lokasies ten opsigte van sub-ekonomiese behuising, kompensasie vir hervestiging, instromingsbeheer en sensusopnames vir die Staat, het 'n finansiële las op plaaslike owerhede geplaas, terwyl die inkomste vir die uitreik van permitte byvoorbeeld in die provinsiale koffers beland het.⁹¹ Die Munisipale vereniging van Suid-Afrika het oor 'n tydperk van sewentien jaar met die Regering onderhandel vir die toeken van subsidies aan munisipaliteite vir die administrasie van die natuurlike-inkomsterekening. Die onderhandelinge is in 1949 met sukses bekroon en munisipaliteite het daarna die inkomste met

⁹⁰ TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/2/96, korrespondensielêer F8, Verslae en opgawes insake finansiële verhouding tussen Plaaslike Owerhede, die Staat en Provinsiale Administrasies, 1936-1957.

⁹¹ Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Town Council of Krugersdorp: Estimates 1938-1939, Speech*, E. Gitsham, 27 Jun. 1938, p.7.

betrekking tot die uitreik van permitte vir munisipale dienslewering aan lokasies aangewend.⁹²

Die munisipale Departement Nie-Blankesake is op 1 Julie 1973 oorgeneem deur die Bantoe-administrasieraad. Die Naturelle-inkomsterekening het in die voorafgaande jaar 'n oorskot van R374 970-00 gehad. Die oorskot is soos volg saamgestel:⁹³

Algemene dienssterekening	R 20 495-00
Diensteheffings	R156 377-00
Skoolheffings	R 10 551-00
Bier/drankverkope	R160 497-00
Heffing: drankwinkels	R 27 050-00

Die Stadsraad het R10 000-00 van die oorskot gebruik vir die opruiming van die woongebied vir Bruinmense. Hierdie "opruiming" hou verband met die hervestiging van die Bruingemeenskap in Toekomsrus, die nuwe groepsgebiede woonbuurt vir Bruinmense naby Randfontein.⁹⁴

Verantwoordelike finansiële bestuur en besluitneming op plaaslike owerheidvlak is van kardinale belang. Die Minister van Finansies het op 28 Januarie 1976 'n *Komitee van Ondersoek na die Finansies van Plaaslike Besture* aangestel. Die Komitee moes onder andere verslag doen oor:

- "die genoegsaamheid van die bestaande bronne van inkomste van plaaslike besture;
- die aard van die finansiële en ekonomiese aanpassings wat wenslik is om 'n meer bevredigende en standhoudende verhouding tussen munisipale inkomste en uitgawes te bewerkstellig;

⁹² Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Town Council of Krugersdorp: Budget Speech 1949-1950*, L. Friedman, 21 Jul. 1949, pp.8-11. Kyk ook TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/2/96, korrespondensielêer F8, Verslae en opgawes insake die finansiële verhouding tussen Plaaslike Owerhede, die Staat en Provinsiale Administrasies, 1936-1957.

⁹³ Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Stadsraad van Krugersdorp: Begrotingsrede 1971-1972*, P.J.M. du Plessis, 21 Jun. 1971, p.4.

⁹⁴ Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Stadsraad van Krugersdorp: Begrotingsrede 1973-1974*, P.J.M. du Plessis, 18 Jun. 1973, pp.2,12.

- die mate waartoe besparings op uitgawes aangebring kan word deur die neerlegging van norme, die toepassing van finansiële kontroles en ander metodes om doeltreffendheid te bevorder.⁹⁵

Die ondersoek het 'n omvangryke verslag in drie volumes opgelewer. Krugersdorp is ingevolge die ondersoek as 'n "metroskakelsentrum" geklassifiseer.⁹⁶ 'n Metroskakelsentrum is 'n relatief groot stad naby aan 'n kernstad met 'n sterk ekonomiese basis. As 'n metroskakelsentrum skakel Krugersdorp ekonomies in by Johannesburg (kernstad). Krugersdorp vorm dus deel van die ekonomiese metropool bekend as die Witwatersrand.⁹⁷ In sy aanbevelings het die Ondersekkomitee riglyne aan plaaslike owerhede gegee met betrekking tot:

- doeltreffendheid en effektiwiteit by plaaslike owerhede deur onder andere die verhoging van produktiwiteit, opleiding van raadslede, hersiening van organisasiestrukture, finansiële kontrole deur middel van 'n interne ouditstelsel en personeelbeheer.
- Die voorsiening van genoegsame inkomste aan munisipale owerhede deur middel van besparings op uitgawes, beter en meer omvangryke dienste, raming van die behoefte en betaalvermoë van die gemeenskap, finansiële besparings ten opsigte van bepaalde dienste, meer effektiewe aanwending van bestaande inkomstebronne, ensovoorts.
- Die voorsiening van kapitaalfondse uit eie middele, deur die Staat en deur middel van die kapitaal- en geldmark. Die beginsel van finansiële dissipline by plaaslike owerhede is sterk beklemtoon.⁹⁸

⁹⁵ Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Verslag van die Komitee van ondersoek na die finansies van plaaslike besture in Suid-Afrika*, Volume 1: Teks, RP51/1980, 12 Mrt. 1980, p.1.

⁹⁶ Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Report of the committee of inquiry into the finances of local authorities in South Africa*, Volume 2: Annexures, RP80/1980, 12 Mar. 1980, p.18.

⁹⁷ Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Verslag van die Komitee van ondersoek...*, Volume 1: Teks, RP51/1980, 12 Mrt. 1980, p.7. Die ekonomiese rol van Krugersdorp in streekverband word in hoofstuk ses bespreek.

⁹⁸ Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Verslag van die Komitee van ondersoek ...*, Volume 1: Teks, RP51/1980, 12 Mrt. 1980, pp.65-155.

Sedert die laat sewentigerjare het Suid-Afrika 'n tydperk betree waarin binnelandse politieke onrus en buitelandse ekonomiese druk en boikotte die beskikbaarheid van fondse vir munisipale bestuur ernstig beïnvloed het. Die effektiewe en doelgerigte wyse waarop die Stadsraad van Krugersdorp in hierdie tyd finansiële bestuur toegepas het, het die uitgawes van die munisipaliteit tot 'n minimum beperk sonder om die ontwikkeling van die dorp of die lewering van munisipale dienste ernstig te skaad. Ten spyte van 'n streng monitêre beleid het die Stadsraad in die periode 1988 tot 1993 daarin geslaag om sy uitgawes te beheer en sy inkomste te vergroot. Die oorhoofse prestasie van die Departement Stadstesourie is dat die verslae van die Ouditeur-generaal geen ongerymdhede aangemeld het wat 'n vinger na die administrasie en beheer van die dorp se finansies kan wys nie.⁹⁹

3.1.3 MUNISIPALE PERSONEELADMINISTRASIE

Die rol van die munisipale personeel in die ontwikkeling van Krugersdorp kan nie te gering geskat word nie. Die personeelkorps in 1905 het bestaan uit die Stadsklerk, Tesourier, Mediese Beampte, Gesondheidsinspekteur en Stadsingineur, bygestaan deur twee klerke, twee tikster/klerke, 'n bode, werkevoorman, skutmeester, markmeester, straatveër, begraaftplaasopsigter, padrollerbestuurder, opsigter by vullisverwydering, nagkaropsigter en ongeveer 90 Swartarbeiders.¹⁰⁰

Die personeelkomponent het in 1926 uit 95 Blankes en 389 Swartmense bestaan. Geen Bruinmense en Indiërs was in hierdie stadium in die diens van die Krugersdorp-munisipaliteit nie. Bruinmense en Indiërs word vir die eerste keer in personeelvoorsiening vermeld in 1973 en 1977 respektiewelik (kyk figuur 13).¹⁰¹

⁹⁹ Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Stadsraad van Krugersdorp: Jaarverslag 1992-1993*, p.21.

¹⁰⁰ TAB, Pretoria, MKR, band 1/1/1/3, *Notule van Algemene Sake Komitee*, 28 Des. 1905, p.384.

¹⁰¹ RSA, Departement Statistiek, *Statistieke vir plaaslike owerhede*, Verslag no. 13-03-11 tot 13-03-17, 1973/1974 tot 1981/1982.

PERSONEELVOORSIENING: 1926			
Munisipale afdeling	Blankes	Swartmense	Totaal
Administrasie	24	0	24
Slagpale	2	12	14
Elektrisiteit en kragvoorsiening	7	7	14
Brandweer en ambulans	1	1	2
Plantasies, parke en tuine	4	27	31
Gesondheid en sanitasie	13	173	186
Mark	6	1	7
Strate en paaie	13	135	148
Waterwerke	10	5	15
Totaal	95	389	484

Figuur 11

Die bruto uitgawe aan salarisse vir die jaar 1926 is £32881/19/11 (twee-entertigduisend, agthonderd een-en-tagtig pond, negentien sjielings en elf pennies) vir Blanke werknemers en £13 731/7/0 (dertienduisend sewehonderd een-en-dertig pond en sewe sjielings) vir die Swartwerknemers.¹⁰²

Die Munisipale Raad het in 1910 aandag gegee aan die gradering van die personeel. Salarisverhogings was gekoppel aan 'n meriete-evaluering en werkprestasie. Die graderingstelsel wat deur die Algemene Sake Komitee voorgestel is, het aanbeveel dat die huishoudelike omstandighede van 'n werknemer nie in aanmerking geneem mag word by die bepaling van sy meriete vir salarisverhoging nie. Slegs werkprestasie is as kriterium gebruik. Die gradering het vyf vlakke van vordering voorgestel voordat 'n amptenaar die maksimum kerf van sy salaris bereik het.¹⁰³

'n Stelsel waar jongmense vir 'n drie jaar internskap aangestel word in die departement van die stadsklerk, die stadstesourier en sanitasieafdeling, is ook

¹⁰² TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/1/20, korrespondensielêer A45, *Local Government Statistics: Return of persons employed in the calender year 1926*, 18 Mrt. 1927.

¹⁰³ TAB, Pretoria, MKR, band 1/1/1/2, *Notule van Algemene Sake Komitee*, 21 Mrt. 1910, p.384.

in 1910 geïmplementeer.¹⁰⁴ Baie van die jongmanne wat in die munisipaliteit as juniors begin werk het, het later belangrike poste in die munisipaliteit beklee. Stuart B. Shaw het byvoorbeeld in 1912 as junior (bode) by die munisipaliteit begin werk en in 1959 na 43 jaar diens as stadsklerk afgetree.¹⁰⁵

‘n Spesiale Raadskomitee het in 1930 weer na die gradering van personeel gekyk, maar ook na die pligte en verantwoordelikhede van die verskillende departemente. Een van die insiggewende aanbevelings met betrekking tot bestuursontwikkeling wat gemaak is, is dat die hoofde van die departemente saam met die stadsklerk moes vergader om aandag aan kleiner sake te gee en “...that the Council approve of the system in operation in the Town Clerk’s Department whereby Heads of Departments must take their instructions from the marginal notes of the Minutes of Meetings submitted to them”. ‘n Algemene tiksterspoel onder toesig van S.B. Shaw is ook na aanleiding van die verslag ingestel.¹⁰⁶

Munisipaliteite het in 1931 aandag aan die voorkoms van werkloosheid onder Blankes as gevolg van die ekonomiese depressie gegee en op ‘n konferensie besluit:

- dat 20% van die ongeskoolde arbeid by munisipaliteite deur “beskaafde” arbeid (Blankes) verrig moet word;
- dat die loon vir hierdie “beskaafde” arbeiders vasgepen word op ses sjielings per dag per arbeider;
- dat die Regering die verskil in loon tussen die loon vir “nie beskaafde” arbeid en die ses sjielings per dag moet subsidieer;
- om arbeidsmigrasie vanaf die platteland na die stede te ontmoedig, sal onderstandswerk alleen aan persone wat reeds vir twee jaar onafgebroke in ‘n munisipaliteit woonagtig was, toegeken word; en
- dat munisipaliteite die voortsetting van die arbeider se diens na drie jaar deelname aan die skema, moes waarborg.

¹⁰⁴ TAB, Pretoria, MKR, band 1/1/1/2, *Notule van Algemene Sake Komitee*, 21 Mrt. 1910, p.385.

¹⁰⁵ Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer M19, *Stadsklerk tree af na 43 jaar*, Junie 1959.

¹⁰⁶ Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer M14, *Special report of Council-in-Committee re organisation of staff*, 10 Apr. 1930.

Die Krugersdorp Stadsraad het onderstandswerk onder die skema aan armblankes voorsien in die parke- en paaieafdelings. Blanke arbeiders was onder andere verantwoordelik vir die aanlê van tuine op die markplein voor die stadsaal, en vir die konstruksie van Rustenburgweg in Wes-Krugersdorp.¹⁰⁷

‘n Personeel Advieskomitee is in 1939 in die lewe geroep. Hierdie komitee het tot in 1954 gefunksioneer. Die komitee het in 1941 oorweging gegee aan ‘n memorandum van die Munisipale Werkersvereniging insake die styging in lewenskoste as gevolg van die Tweede Wêreldoorlog. ‘n Skema waarvolgens regeringsamptenare vir die styging in lewenskoste gekompenseer is, was aan die Personeel Advieskomitee voorgelê. Die komitee het by die Stadsraad aanbeveel dat al die munisipale personeel ‘n lewenskoste toelaag moes ontvang, terwyl die Regering Swartpersoneel van die betaling van kompensasië uitgesluit het.¹⁰⁸ ‘n Soortgelyke kompensasiëbeleid het tydens die Eerste Wêreldoorlog gegeld.¹⁰⁹

Die implementering van ‘n vyfdag werkweek vir munisipale amptenare is in 1948 goedgekeur, nadat die verandering vir ‘n aantal maande op ‘n proefbasis toegepas was. Die proeftydperk het in al die departemente, veral in die administratiewe afdelings, goed afgeloop. Die biblioteek en departemente waar publieke diens voorrang geniet, moes op Saterdag slegs van die minimum personeel komponent gebruik maak. Die implementering van ‘n vyfdag werkweek is nie van toepassing gemaak op personeel van die lokasies nie. Daar is van hierdie personeel verwag om sewe dae per week te werk hoofsaaklik met die oog op die toepassing van instromingsbeheer maatreëls en die uiteik van besoekerspermitte oor naweke.¹¹⁰

¹⁰⁷ TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/1/136, korrespondensiëleër G37, Brief Sekretaris van Arbeid-Stadsklerk Krugersdorp, 23 Okt. 1931; Uittreksel uit Raadsnotule insake onderstandswerk, 24 Sept. 1928.

¹⁰⁸ TAB, Pretoria, MKR, band 1/3/7/1/1, *Notule Personeel Advieskomitee*, 13 Mrt. 1941, pp.30-37. Geen melding word in die notule gemaak van Bruinmense en Indiërs nie.

¹⁰⁹ TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/1/115, korrespondensiëleër K44, Brief Werkgewersorganisasie-Stadsklerk Krugersdorp, 1 Jan. 1918.

¹¹⁰ TAB, Pretoria, MKR, band 1/3/7/1/1, *Notule van Personeel Advieskomitee*, 27 Aug. 1948, pp.127-130; band 2/3/2/96, korrespondensiëleër F7, Departementele verslae insake vyfdag-werkweek, 1948.

Aandag is weer in 1948 gegee aan die gradering van die personeel. 'n Standaard meriete-evalueringstelsel is toe geïmplementeer. Die merietestelsel het gekyk na verskillende aspekte met betrekking tot werkvereistes ten opsigte van kwalifikasie en ondervinding, die werksomstandighede waaronder 'n amptenaar sy daaglikse pligte uitvoer en verantwoordelikhede ten opsigte van data, rekords, begroting en toerusting. Voortvloeiend uit die gradering van die personeel is 'n staande personeel-graderingskomitee in die lewe geroep om alle nuwe aanstellings van personeel te gradeer, maar ook om van tyd tot tyd die gradering van bestaande personeel te hersien.¹¹¹

Die munisipale struktuur is in 1958 hersien ten einde funksionele afdelings in vyf departemente te verdeel.¹¹²

MUNISIPALE STRUKTUUR 1956	
Departement	Funksies
Stadsklerk	Administrasie en uitvoering van raadsbesluite
Stadsingenieur	Verkeer en verkeerbeheer Paaie en strate Parke, insluitende swembaddens Brandweer en ambulansdiens Werke (byvoorbeeld bou van huise en instandhouding)
Elektrisiteit	Kragvoorsiening Straatbeligting Elektriese instandhouding
Openbare Gesondheid	Higiëne en vullisverwydering Rioolwerke en sanitasie Mark en slagpale Openbare gesondheid, insluitende klinieke
Nie-Blankesake	Lokasies Instromingsbeheer en permitte Arbeidsburo en registrasie


Figuur 12

In die personeelvoorsiening van die departemente was die Blanke personeel verantwoordelik vir die administratiewe en toesighoudende funksies en die Swartpersoneel is as arbeiders aangewend in laag besoldigde poste. Die enkele Bruinmense en Indiërs wat sedert die sewentigerjare in die diens van die Stadsraad was, het hoofsaaklik met sake wat betrekking het op die Bruin- en Indiërgemeenskappe gewerk. Die onderstaande tabel gee 'n aanduiding

¹¹¹ TAB, Pretoria, MKR, band 1/3/7/1/1, *Notule van Personeel Advieskomitee*, 3 Aug. 1949, p.144.

¹¹² TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/2/96, korrespondensielêer F7, *Major departments: Conditions of employment*, 17 Okt. 1956.

van die personeelvoorsiening in die periode toe Swartwoongebiede deur Stedelike Rade en Gemeenskapsrade beheer en bestuur is.¹¹³



Figuur 13

Die munisipaliteite van Krugersdorp, Munsieville, Kagiso en Azaadville het in 1993 onder die nuwe politieke bedeling geamalgameer. Die personeelvoorsiening ná amalgamasie het soos volg daar uitgesien:

	1992/93	1993/94
Blank	551	643
Nie-Blankes	1024	1020

3.1.4. KRUGERSDORP STADSAAL

Die munisipale kantore was aanvanklik gehuisves in die gebou van W.M. Edwards op die hoek van Ockerse- en Monumentstraat. Die behoefte aan 'n

¹¹³

RSA, Departement Statistiek, *Statistieke vir Plaaslike Owerhede*, Verslag no. 13-03-11 tot 13-03-17, 1973/74 tot 1981/82.

stadsaal wat alle munisipale kantore, die brandweer en 'n biblioteek kon huisves, is op 12 Julie 1906 op 'n openbare vergadering aan die inwoners voorgelê. Daar is tydens die vergadering besluit om 'n stadsaal op die markplein op te rig. Sommige boere van die distrik was nie met hierdie besluit tevrede nie. Hulle het selfs planne beraam om die bouwerk te verhinder. Die hoofrede vir die ontevredenheid is geleë in die feit dat 'n stadsaal op die markplein die plein aansienlik kleiner sou maak vir handelsdoeleindes. Die ontevredenheid is bygelê deur die plasing van die stadsaal, sodat dit nie die markbedrywighede benadeel het nie, soos in foto no. 48 gesien kan word.¹¹⁴

'n Argitek van Krugersdorp, Chris Hoskings, is aangewys om die planne vir die gebou op te trek. Sewentien tenders is vir die bouwerk ontvang. Die tender van die firma Robson en Holton is aanvaar. Hulle het die gebou binne 'n jaar teen 'n totale koste van £18 470 (agttienduisend vierhonderd-en-sewentig pond) voltooi. Die voorkant van die gebou was 117 voet (35.66 meter)¹¹⁵ breed en die totale vloeroppervlakte daarvan was 1677 vierkante voet (155.80 vierkante meter)¹¹⁶. Die saal het sitplek aan 650 persone verskaf en ook 'n verhoog, kleedkamers en banketsaal gehad.

Bouwerk aan die gebou was teen Mei 1907 so ver gevorder dat die hoeksteen daarvan gelê kon word. Die gepoleerde granietsteen met goudkleurige geverfde letters is deur die bouers voorsien teen £25 (vyf-en-twintig pond). Die hoeksteen is op 10 Mei 1907 tydens 'n feestelike geleentheid gelê deur Lord Selborne. Die inskripsie op die hoeksteen lees soos volg: "This stone was laid by his Excellency the Earl of Selborne, PC. GC., M-G., High Commissioner of South Africa and Govenor of Transvaal and Orange River Colony on May 1907." 'n Aantal geldstukke van die tyd en Burgemeestersverslae van 1903 tot 1906 is onder die steen vasgemessel. Die Munisipale Raad het vir die geleentheid spesiaal 'n silwer troffel, met die

¹¹⁴ Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 30 October 1908*, pp.17,18. Kyk ook inligtingslêer K79, *Krugersdorp Stadsaal*, vir verdere inligting insake aanbouings en gebruik van die stadsaal, programme en koerantknipsels.

¹¹⁵ *Kearthland's metrieke omsettingstabelle*, Een voet is gelyk aan 0,3048 meter, tabel 3.

¹¹⁶ *Kearthland's metrieke omsettingstabelle*, Een vierkante voet is gelyk aan 0,092904m² tabel 11.

Selborne-familiewapen en Krugersdorp-dorpswapen daarop gegraveer, aangekoop en as geskenk aan Lord Selborne oorhandig.¹¹⁷

Die Krugersdorp Stadsaal is op 8 Februarie 1908 feestelik in gebruik geneem (foto no. 11). Die amptelike opening is waargeneem deur generaal J.C. Smuts, Koloniale Sekretaris van Transvaal. Hy het die Raad geloof vir hulle ontwikkeling en bestuur van die dorp en hulle geprys vir hulle ondernemingsgees wat tot die oprigting van die stadsaal gelei het. Die toespraak van generaal Smuts is gevolg deur 'n uitvoering van Joseph Tressi se komedie *Boccaccio* deur The Operatic Class of the South African College of Music, en 'n banket in die banketsaal. Die banket is aangebied deur J. Betz van die Grand Hotel.

Die "Operatic Class" het die volgende aand *The Mikado* opgevoer, gevolg deur 'n konsert van gewyde musiek op Sondag 10 Februarie ten bate van plaaslike welsynsorganisasies.¹¹⁸

Die Westminster Toringhorlosie was 'n geskenk aan Krugersdorp van Abe Bailey, 'n plaaslike handelaar en eienaar van die York Myn en Krugersdorp se parlementêre verteenwoordiger in die eerste Unieregering. Die toringhorlosie is amptelik in gebruik geneem op 16 April 1908. Die burgemeestersvrou, mev. G. van Blommenstein, het tydens die geleentheid 'n lint wat aan die pendulum van die horlosie gebind was, geknip en so die uurwerk seremonieel aan die gang gesit. Die geleentheid is weereens met 'n banket afgesluit.¹¹⁹

Die stadsaal het al die munisipale departemente (tesourie, gesondheid- en ingenieursdepartement) gehuisves. Die brandweer was in die kelderverdieping en die biblioteek is ingerig in 'n kamer aan die westekant van die gebou. Die

¹¹⁷ Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 30 October 1907*, p.7.

¹¹⁸ Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 30 October 1908*, pp.17,18.

¹¹⁹ Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 30 October 1908*, p.6.

meubilering en stoffering van die stadsaal het £9235 (negeduisend tweehonderd vyf-en-dertig pond) gekos.¹²⁰

Teen 1936 was die stadsaal te klein om aan al die munisipale behoeftes vir kantoorruimte te voorsien. Van die sprake om 'n nuwe stadkompleks langs die bestaande gebou op te rig, het daar egter niks gekom nie. Die Stadsraad het waarskynlik in hierdie tyd oorweging gegee aan die verskuiwing van die mark na Burgershoop, maar die inwoners het hierteen beswaar aangeteken omdat die voorgestelde plek vir baie huisvrouens te ver sou wees. Met die mark in Burgershoop sou sy vir haar varsprodukte van die smouse afhanklik wees. Die ligging van die mark naby die regeringskantore, byvoorbeeld die poskantoor, was baie gerieflik. Die markterrein het volgens die inwoners genoeg ruimte gehad om uitbreiding van die stadsaal toe te laat.¹²¹ In 1937 is 'n enkelverdieping gebou aan die agterkant van die stadsaal aangebou om in die toenemende behoefte vir kantoorruimte te voorsien. Die ingenieursdepartement is na die nuwe kantore oorgeplaas.¹²²

Die stadsaal het in 1939 byna afgebrand as gevolg van 'n elektriese kortsluiting in die nuut aangeboude kantore. Die Stadsraad het reeds tydens 'n raadsvergadering die vorige aand probleme ondervind met aanhoudende kragonderbrekings, sodat 'n groot deel van die verrigtinge by kerslig afgehandel moes word. Die smeulende brand is vroeg die volgende oggend deur 'n verbygaande polisieman ontdek, wat die brandweer geroep het om die vuur te blus. Volgens *The Standard and West Rand Review* was die ongerief van 'n vergadering by kerslig groter as die skade wat aan die gebou aangerig is. Die brand is in 'n vroeë stadium ontdek en geblus.¹²³

Die aanbouing aan die agterkant van die gebou het nie die tekort aan kantoorruimte opgelos nie en in 1941 het die Stadsraad besluit om kantore

¹²⁰ Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer K79, *Krugersdorp Stadsaal*, sd.

¹²¹ Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Petisie insake verskuiwing van mark na Burgershoop*, 1936.

¹²² Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer K79, *Krugersdorp Stadsaal*, sd.

¹²³ Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *The Standard and West Rand Review*, 3 Mrt. 1939, p.2.

bo-op die grondverdieping aan te bou. Die gesondheidsdepartement het die nuwe kantore beset. Die betonmuur rondom die beddings om die tuine voor die stadsaal, bekend as “die Kraal”, is in dieselfde jaar verwyder. ‘n Sandsteenmuurtjie is in die plek daarvan voor die gebou teen Kommissarisstraat gebou en groot grasperke is in die plek van die blomtuin aangelê.¹²⁴

Die aanbouings aan die agterkant van die stadsaal is in 1946 verder uitgebrei om ook die Departement Nie-Blankesake te huisves. Verdere veranderinge aan die gebou is gerig op die Koninklike besoek van 1947. ‘n Ingangsportaal is voor die hoofingang van die stadsaal aangebou vir die “ontvangs” van die koninklike gaste.¹²⁵

Die syvleuels van die stadsaal is in 1950 aangebou. Die westelike vleuel het voorsiening gemaak vir ‘n banketsaal met kombuis, kroeg en kleedkamers, asook kantore vir die burgemeester. Die westelike vleuel het £25 106 (vyf-en-twintigduisend eenhonderd-en-ses pond) gekos. Die oostelike vleuel is teen ‘n koste van £16 992 (sestienduisend negehonderd twee-en-negentig pond) opgerig en het nuwe kantore vir die departement van die stadstesourier voorsien. Hierdie aanbouings is deur F.C. Holton gedoen en het die totale vloeroppervlakte van die oorspronklike stadsaal vier keer vergroot.

Die uitbreiding van die dorp het nie stilgestaan nie. Teen 1974 was die stadsaal weer eens te klein om in die munisipale behoeftes vir kantoorruimte te voorsien. Die Stadsraad se besluit om die ou stadsaal te sloop ten gunste van die bou van ‘n nuwe moderne burgersentrum, wat ook ‘n Klein Teater sou insluit, het hewige reaksie by die inwoners uitgelok. Na herhaalde versoeke en petisies het die Stadsraad op 26 April 1974 besluit om nie die stadsaal te sloop nie, maar opdrag te gee aan die Stadsklerk om ‘n voorlegging aan die Raad te doen vir wyses waarop die akkommodasieprobleme opgelos kon word.¹²⁶

¹²⁴ Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer K79, *Krugersdorp Stadsaal*, sd.

¹²⁵ Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer R13, *Royal visit*, 1947.

¹²⁶ Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer K79, *Krugersdorp Stadsaal*, sd. Kyk ook *Burgemeestersverslag 1974-1975*, p.13.

Met die hulp van 'n groep argitekte van die firma Coplan, is 'n plan, ontwerp deur Floris Smith, uitgewerk om die bestaande kompleks in drie fases te vergroot en die behoeftes aan te spreek. Die eerste fase het bestaan uit die aanbou van 'n westelike syvleuel met 'n belastingbetaalsaal en kantoorfasiliteite vir die departement van die stadstoesourier en ander departemente. Die westelike vleuel is in 1984 deur die burgemeester, raadslid Roy Martin, geopen.¹²⁷

Die tweede fase van die aanbouings aan die oostekant van die bestaande stadsaal het 'n meerdoelige saal met sitplek vir 1200 persone, 'n banketsaal met sitplek vir 500 gaste en twee toegeruste kombuise ingesluit. Die afwerking in Amerikaanse eikehout verleen besondere warmte aan die nuwe aanbouings. Die saalbeligting en akoestiese apparaat is volgens 'n Deense tegniek in die plafon van die saal versteek. Bouwerk aan die tweede fase is in 1986 voltooi. Die kompleks is die volgende jaar tydens die eeufeesvieringe van die dorp in gebruik geneem. Die derde fase van die aanbouprojek het gepaard gegaan met die inrig van parkeerruimtes weerskante van die burgersentrum vir die publiek en personeel.¹²⁸

Die gallery van die ou stadsaal is in 1987 in 'n raadseetkamer omskep. Die ou marksaal vorm 'n integrale deel van die nuwe burgersentrum. Dit is aanvanklik as 'n oop ruimte benut, maar in 1989 is dit gedeeltelik oordek en afgesluit met industriële staalroldeure en glas ten einde die benutting daarvan met die stadsaal te integreer.¹²⁹

Die Krugersdorp stadsaal is die oudste stadsaal in Transvaal en een van die min stadsgeboue wat behoue gebly het, ondanks die talle aanbouings, en nie deur 'n moderne burgersentrum vervang is nie. Die stadsaal was, en is vandag nog een van die deftigste geboue aan die Wesrand en die middelpunt van die Krugersdorp gemeenskap. As die aanbouings aan die gebou as aanduiding vir

¹²⁷ Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer K79, koerantuitknipsel, *Krugersdorp Nuus*, sd.

¹²⁸ Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer K79, *Krugersdorp Stadsaal*, sd.

¹²⁹ Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Krugersdorp Nuus*, 21 Mrt. 1987; 19 Jun. 1987; 3 Nov. 1987.

die groei van Krugersdorp en van die munisipaliteit geneem word, dan verteenwoordig dit fenomenale groei en dinamika.

3.2 MUNISIPALE VERKIESINGS SEDERT 1903

Die munisipale verkiesings moet binne die konteks van die landspolitiek gesien word. Die sosio-ekonomiese omstandighede in 'n bepaalde tydperk, vorm 'n onlosmaaklike band tussen die politiek, kultuur en godsdiens van die inwoners.

Munisipale verkiesings is nie op 'n partypolitieke grondslag in Krugersdorp voor 1988 gegee nie.¹³⁰ Die "politieke party" in beheer van die stadsraad was voor 1988 'n weerspieëling van die politieke opvattinge en omstandighede van 'n bepaalde tydperk in die geskiedenis, uitgedra deur raadslede behorende tot dieselfde politieke denke¹³¹. Daar is byvoorbeeld reeds verwys na die feit dat die eerste Munisipale Raad hoofsaaklik uit Engelssprekende persone bestaan het, wat die politieke denke van die "veroweraar" en die bevordering van die Britse Imperiale Ryk gesteun het. Die periode voor Uniewording (1910) is gekenmerk deur die politieke denke van die Britse Imperiale Ryk. Die eerste vyftien jaar na Uniewording was onstuimige jare in die Suid-Afrikaanse politiek. Die jong politieke partye het in hierdie tyd te kampe gehad met die nagevolge van die Suid-Afrikaanse Oorlog, die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog, die griepiepidemie van 1918 en ernstige mynstakings. Hierdie gebeure het groot druk op politieke partye geplaas en gelei tot 'n fase in die politiek waarin die Arbeidersparty en die Nasionale

¹³⁰ Die algemene gevoel in die verlede was dat partypolitiek nie op munisipale vlak tuis behoort nie, omdat die gevaar bestaan dat partybelange bo die belange van die gemeenskap gestel kan word. Die leier van die Konserwatiewe Party, dr. Andries Treurnicht, het in 1988 in die Parlement verklaar dat die Konserwatiewe Party amptelik aan die munisipale verkiesings gaan deelneem, wat hulle dan ook gedoen het. Die Nasionale Party se amptelike beleid het die sienswyse dat partypolitiek nie op munisipale vlak tuis hoort nie, ondersteun. Nasionale Party-gesinde kandidate het as "onafhanklikes" aan die verkiesing in Krugersdorp deelgeneem. Kyk Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Krugersdorp Nuus*, 4 Mrt. 1988.

¹³¹ Die politieke sentimente van die inwoners het volgens die parlementêre verkiesings (1910-1976) by die regerende party gelê. Die uitsondering is die 1988-verkiesing toe die Nasionale Party die parlementêre verkiesing gewen het en die Konserwatiewe Party die munisipale verkiesing. Kyk B.M. Schoeman, *Parlementêre verkiesings in Suid-Afrika, 1910-1976*, vir volledige verkiesingsuitslae.

Party gedurende 1924 kragte saamgesnoer het in 'n poging om die belange van die Blanke in sy bevoorregte posisie te handhaaf.¹³²

Die samesmelting van die Suid-Afrikaanse Party onder genl. J.C. Smuts en die Nasionale Party onder genl. J.B.M. Hertzog in 1934, lei tot die stigting van die Verenigde Suid-Afrikaanse Nasionale Party (Verenigde Party). Baie Afrikaners het die samesmelting as 'n stap agteruit gesien en in dieselfde jaar herstig dr. D.F. Malan die Nasionale Party. Die stryd om eenheid en die opkoms van Afrikaner-Nasionalisme kenmerk die politieke verwardheid van die Afrikaner in hierdie periode. Die Tweede Wêreldoorlog het die Verenigde Party onder druk geplaas en gelei tot die politieke oorwinning van die Nasionale Party in 1948. Die Nasionale Party het hierna van krag tot krag gegroei totdat onderlinge verdeeldheid tot die stigting van regse politieke partye gelei het. Die Herstigde Nasionale Party is in 1969 onder leiding van dr. Albert Hertzog gestig en die Konserwatiewe Party onder leiding van dr. Andries Treurnicht in 1982.¹³³

Die politieke denke van die Nasionale Party was sedert 1948 dominant in die Krugersdorp Stadsraad. Die Nasionale Party het op nasionale, provinsiale en plaaslike vlak die botoon gevoer tot in 1988 toe daar 'n "swaai" na regs was en die Konserwatiewe Party sewe setels in die Krugersdorp Stadsraad gewen het. 'n Verdere sewe setels, waarvan twee Konserwatiewe Party-gesind was, is deur onafhanklike kandidate gewen. Die Nasionale Party kon slegs een setel wen.¹³⁴ Die oorwinning het aan die Konserwatiewe Party beheer oor die Stadsraad besorg.¹³⁵ Die 1988 munisipale verskiesing was nie maar net nog 'n

¹³² Beide die sosialistiese Arbeidersparty onder leiding van John Cresswell en die pro-Britse Unionist Party onder Leander Starr Jameson, het in 1910 beslag gekry. Die Suid-Afrikaanse Party onder leiding van genl. Louis Botha en genl. J.B.M. Hertzog het in 1911 kleiner provinsiale partye saamgesnoer met die vereniging van die twee Blanke bevolkingsgroepe en die vorming van een nasie as grondslag. Generaal Hertzog het in 1914 van die Suid-Afrikaanse Party weggebreek en die Nasionale Party gestig. Sedertdien is die Nasionale Party vervleg in die Suid-Afrikaanse geskiedenis en die Afrikaner se politieke denke. C.F. Nieuwoudt, "Die Afrikaner en politieke strominge in Suid-Afrika", P.G. Nel, (red.), *Die kultuurontplooiing van die Afrikaner*, pp.142-145.

¹³³ C.F. Nieuwoudt, "Die Afrikaner en politieke strominge...", pp.132-150.

¹³⁴ Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Krugersdorp Nuus*, 9 Des. 1988, p.1.

¹³⁵ Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer V3, *Verkiesingsuitslae*, 1988. Die TAB, Pretoria, het in totaal 45 korrespondensielêers onder die bronkode MKR wat handel oor die munisipale verkiesings. Geen aanduiding kon in hierdie bande gevind word wat daarop dui dat die munisipale verkiesings op 'n partypolitieke grondslag geveg is nie.

verkiesing in die geskiedenis van Krugersdorp nie. Dit was 'n politieke verkiesing wat voorafgegaan is deur 'n heftige woordesstryd in die plaaslike koerant. Kandidate van sowel die Nasionale Party as die Konserwatiewe Party was dit eens dat politiek nie op munisipale vlak tuisgehoort het nie, maar die verkiesing is in die oë van die Konserwatiewe Party-kandidate, politiek op hulle afgedwing deur die politieke rigting wat die Nasionale Partyregering ingeslaan het.¹³⁶ Die munisipale verkiesings van 1988 kan gesien word as 'n poging van regse politieke groepe om die politieke hervorming van die Regering te vertraag of op plaaslike vlak omver te gooi.

Die tydperk van regse politieke beheer in die Stadsraad is gekenmerk deur 'n uitgerekte verbruikersboikot wat Krugersdorp ekonomies ernstig geknou het.¹³⁷

Munisipale verkiesings is sedert 1904 tot in 1951 jaarliks gehou. Drie raadslede is per wyk verkies. Daar is reeds verwys na die verkiesing op 5 Desember 1903 en die feit dat die raadslede onderskeidelik vir een, twee en drie jaar tot die Munisipale Raad verkies is. In die praktyk het dit beteken dat een raadslid elke jaar per wyk "aftree" en dat 'n nuwe raadslid vir 'n periode van drie jaar in sy plek verkies word. Die geografiese grootte van elke wyk het drie raadslede per wyk geregverdig. Gebiede wat met die verloop van jare ontwikkel is, is by die bestaande wyke gevoeg en nie afsonderlik verteenwoordig nie.¹³⁸ Die eerste driejaarlikse munisipale verkiesing het op 27 Oktober 1951 plaasgevind. Die verkiesing het gepaard gegaan met die implementering van 'n nuwe wykstelsel. Die dorp is volgens die nuwe stelsel in twaalf wyke verdeel, met een raadslid per wyk.¹³⁹

Die stadsraadverkiesings van 1914 is as gevolg van die Eerste Wêreldoorlog en Rebelle uitgestel. Raadslede het vir die duur van die Krygswet in hulle onderskeie posisies aangebly. Vakatures gedurende hierdie periode is gevul

¹³⁶ Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Krugersdorp Nuus*, 19 Febr. 1988, p.1 en 21 Okt. 1988, p.4.

¹³⁷ Die boikot en ekonomiese gevolg daarvan word in hoofstuk ses bespreek.

¹³⁸ TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/1/21, korrespondensielêer A45, Brief Stadsklerk Krugersdorp–Stadsklerk Kaapstad, 27 Febr. 1939.

deur middel van administrateursaanstellings.¹⁴⁰ 'n Munisipale verkiesing is op 10 November 1915 gehou op 'n proporsionele basis verteenwoordiging. Twintig kandidate is genomineer vir elf vakatures in die Raad. Vyf kandidate is daarna vir 'n periode van drie jaar aangestel, 'n verdere vyf vir twee jaar en een kandidaat vir een jaar.¹⁴¹ Raadsverkiesings volgens die wykstelsel is in 1918 heringestel. Drie verteenwoordigers is vir elke wyk verkies, vir een, twee en drie jaar onderskeidelik.¹⁴²

Krugersdorp was sedert 1903 tot 1929 in vyf munisipale wyke verdeel. Wyk vyf, Randfontein-Randgate, is in 1929 tot 'n selfstandige munisipaliteit geproklameer.¹⁴³ Die belastingbetalersvereniging van Lewisham het die Stadsraad in hierdie stadium versoek om Lewisham in 'n afsonderlike wyk af te stig sodat die gemeenskap beter verteenwoordiging op die Stadsraad kon hê, maar die Stadsraad het besluit om met vier wyke te volstaan en nie aan die versoek van die Lewishamgemeenskap te voldoen nie. Geen rede word vir die besluit gegee nie. Die aanname word gemaak dat die algemene ekonomiese toestande in die land 'n invloed op die Stadsraad se besluit gehad het.¹⁴⁴

Die Stadsraad het in 1936 'n drie-wykstelsel geïmplimenteer. Geen rede word hiervoor gegee nie. Die afleiding wat gemaak word na aanleiding van korrespondensie tussen die stadsingenieur en die landdros, is dat die indeling verband hou met die ontwikkeling van 'n nuwe rioolstelsel vir Krugersdorp in die dertigerjare. Volgens die skrywe het die wykindeling soos volg daar uitgesien:

¹³⁹ TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/2/83, korrespondensielêer E9, *Verkiesingsuitslae*, 27 Okt. 1951.

¹⁴⁰ Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 10 November 1915*, p.5.

¹⁴¹ Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 25 October 1916*, p.5.

¹⁴² Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 25 October 1918*, p.5.

¹⁴³ TAB, Pretoria, MKR, band 1/1/1/1, Verslag J. Young, *Afstigting van Randfontein en Randgate as munisipaliteit vanaf 1 Januarie 1929*, 28 Jul. 1928, p.559.

¹⁴⁴ TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/1/140, korrespondensielêer G43, Brief Stadsklerk Krugersdorp-Sekretaris belastingbetalersvereniging, 14 Mei 1929; band 2/3/2/80 korrespondensielêer G43, lys van raadslede vir wyk vyf, 1903-1928.

- Wyk 1. Die gedeelte van Krugersdorp oos van Markstraat, insluitende die spoorwegstasie en die nuwe uitbreiding Olivanna; Luipaardsvlei, Krugersdorp-Oos; Lewisham en die Lewisham-lokasie; Tudorskag en die mynomgewing; en Distriksdorp oos van Markstraat.
- Wyk 2. Die gedeelte van Krugersdorp wes van Markstraat, insluitende die Standplaas-uitbreiding, Westelike uitbreiding en polisiebarakke; Distriksdorp wes van Markstraat; die Nuwe- en die Ou lokasie; West Rand Consolidated Mines en Luipaardsvlei Estates Gold Mining Company.
- Wyk 3. Burgershoop, insluitende die steenmakerye; Wes-Krugersdorp; die gevangenis en -woonkwartiere; Waterval 124 landbouhoewes; Oatlands landbouhoewes; Millsite en die groter landelike gebied (tussen Krugersdorp en Randfontein).¹⁴⁵

Die uitbreiding van Krugersdorp in die dertigerjare het die Stadsraad in 1944 verplig om weer 'n vierde wyk in te stel vir die dorpsgebiede Monument, Wentworth Park, Kenmare en Factoria.¹⁴⁶ Die wyk- en verkiesingstelsel het, soos gemeld, in 1951 verander na twaalf wyke met een verteenwoordiger elk. Die nuwe stelsel het 'n kostebesparing beteken, omdat verkiesings voortaan driejaarliks in plaas van jaarliks gehou is. Die nuwe stelsel het ook die administrasie verbonde aan die hou van verkiesings aansienlik verminder. Vir die belastingbetalers het dit direkte verteenwoordiging op die Stadsraad beteken omdat 'n spesifieke raadslid voortaan vir die bepaalde wyk verantwoordelik is. Dit is nie duidelik uit die notules van die Stadsraad of die nuwe indeling bygedra het om die bestuursfunksie van die Raad te verbeter nie. Die verkiesing van 1988 is vir die eerste keer in vyftien wyke, en nie twaalf wyke soos voorheen, betwis.¹⁴⁷

Die gemeenskap het oor die algemeen aktief aan die munisipale verkiesings deelgeneem. Die gemiddelde stempersentasie vir die periode 1904 tot 1951 is

¹⁴⁵ TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/1/21, korrespondensielêer A45, Brief Stadsingenieur-Landdros, 29 Nov. 1935.

¹⁴⁶ TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/1/199, korrespondensielêer K34, *Verkiesingsuitslae*, 30 Okt. 1935.

¹⁴⁷ Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Krugersdorp Nuus*, 19 Febr. 1988, p.1.

50%. Die laagste stempersentasie van 30.17% is in 1921 in wyk drie aangeteken toe J.F.M. Bolton met 'n meerderheid van 389 stemme 'n wegholoorwinning oor A.H. Hamer behaal het. Die hoogste stempersentasie van 79.17% is in wyk een in 1922 aangeteken toe L. Friedman vir S.J. de Swart met 118 stemme gewen het.¹⁴⁸ Bolton se oorwinning kan verklaar word aan die hand van sy gewildheid as sosiale leier en die leidende rol was hy in die munisipale aangeleenthede as voorsitter van die Finansiële Komitee geneem het.¹⁴⁹ Dit is moeilik om die hoë stempersentasie vir wyk een in 1922 te verklaar. Bronne verskaf geen rede hiervoor nie. Koerantberigte in *The Standard* van 1922 oor die verkiesing bevat hoofsaaklik kennisgewings van vergaderings en gee 'n verslag van die verkiesingsuitslae.¹⁵⁰

Die Swartmense, Indiërs en Bruinmense het in hierdie tyd feitlik geen sê gehad in die politieke bedeling in Suid-Afrika nie. Sedert die tagtigerjare het die Nasionale Party gepoog om deur middel van politieke hervorming 'n groter demokratiese bestel in Suid-Afrika te verkry. Die hervorming is in die negentigerjare onder leiding van F.W. de Klerk verder gevoer. Suid-Afrika het op 27 April 1994 sy eerste demokraties verkose Regering verkry.

3.3. BELASTINGBETALERSVERENIGING EN BURGERLIKE VERSET, 1903-1993

Lewisham het in die dertigerjare 'n baie aktiewe belastingbetalersvereniging gehad. Die vereniging het oor verskeie sake in belang van die gemeenskap met die Stadsraad gekorrespondeer. Uit die korrespondensie kan afgelei word dat die munisipaliteit meeste van die versoeke opgevolg het. Afgesien van klagtes oor verhogings in erfbelasting, het hulle die Stadsraad ook versoek om 'n betaalpunt in Lewisham te open. Ander versoeke het die beveiliging van 'n voetgangerkruising oor Hoofrifweg, die opgradering van 'n speelplek vir kinders, bykomende straatbeligting, finansiële hulp aan sportklubs,

¹⁴⁸ TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/2/80, *Verkiesingsuitslae*, 1904-1951.

¹⁴⁹ Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer M14, *Munisipaliteit*, sd.

¹⁵⁰ Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *The Standard*, 7 Jan. 1922; 28 Jan. 1922; 4 Febr. 1922; 11 Febr. 1922; 4 Mrt. 1922; 11 Mrt 1922; 15 Apr. 1922 en 27 Mei 1922.

aanbring van stoptekens by strate, ensovoorts ingesluit.¹⁵¹

Die Krugersdorp-belastingbetalersvereniging is in dieselfde periode baie aktief. Die aard van die sake wat hulle na die Stadsraad verwys het, verskil nie veel van dié van Lewisham nie, daarom word slegs enkele items wat nie met Lewisham ooreenstem nie as voorbeelde gebruik. Die vereniging het die Stadsraad byvoorbeeld in 1930 versoek om 'n hofbevel vir die invordering van agterstallige diensterekeninge slegs vir groter bedrae te verkry, en nie vir alle gevalle van invordering nie. Hulle het voorgestel dat die Stadsraad die kennisgewing dat die water en elektrisiteit afgesny gaan word indien betaling nie voor 'n bepaalde datum gemaak word nie, vir kleiner bedrae nie pos nie maar per hand afgelewer word. Die vereniging het ook sy besorgdheid uitgespreek oor die beskerming van munisipale personeel se regte as belastingbetalers in die lig van die dissiplinêre kode wat die Stadsraad in die dertigerjare goedgekeur het.¹⁵² Die vereniging is ook ontevrede omdat wasserye Bruinmense in diens neem om wasgoed te was, wat hulle as onregverdigte kompetisie vir Blankes beskou. In die lig hiervan versoek hulle die Stadsraad om meer voorskriftelik te wees in die uitreik van handelslisensies.¹⁵³

Die belastingsbetalersvereniging in Wes-Krugersdorp was minder aktief. Geen rede word hiervoor in bronne gene nie. Volgens 'n oud-inwoner van Wes-Krugersdorp, mnr. D. Hayden, het baie Wes-Krugersdorpers aan die Krugersdorp-belastingbetalersvereniging behoort. Die behoeftes van die Wes-Krugersdorp-gemeenskap is dus ook deur die Krugersdorp-belastingbetalersvereniging aangespreek.¹⁵⁴ In die dertigerjare het hulle die Stadsraad versoek om 'n speelpark vir kinders op te rig, en hulle beywer vir die oprigting van 'n gemeenskapsaal.¹⁵⁵

¹⁵¹ TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/2/145, korrespondensiële G43, verskeie korrespondensie insake munisipale aangeleenthede, 1928-1938.

¹⁵² Die gradering van personeel en personeelregulasies word later in die hoofstuk bespreek.

¹⁵³ TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/1/115, korrespondensiële G15, briefwisseling tussen belastingbetalersvereniging en die Stadsraad, 1930-1934.

¹⁵⁴ D. Hayden, Onderhoud, Febr. 1999.

¹⁵⁵ TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/2/145, korrespondensiële G43, Brief Belastingbetalersvereniging-Stadsklerk Krugersdorp, 5 Apr. 1935.

In die dertiger- en veertigerjare het Afrikaner-nasionaliste die Blanke belastingbetalersverenigings gesien as 'n instrument vir die Afrikaner om beheer oor stedelike plaaslike bestuur te verkry. Aan die einde van die dertigerjare het dr. D.F. Malan, later Eerste Minister van die Unie van Suid-Afrika, gesê dat die Afrikaner se “Tweede Trek” (die eerste Trek was die Groot Trek) die “verowering” van die stad behels. Die skepping van 'n Afrikaanse stedelike kultuur as teenvoeter vir Engelse oorheersing is bevorder. Via die Afrikaner Broederbond en die Nasionale Party is gepoog om deur middel van belastingbetalersverenigings die stad vir die Afrikaner te “verower” deur onder andere Afrikaanssprekende raadslede op munisipale rade te verkies. Hiermee saam gaan die stigting van Afrikaanse vakbonde om die Afrikaanse volksaard te “beskerm” en sosialisme teen te werk.¹⁵⁶

Die aktiwiteite van die belastingbetalersverenigings was sporadies. Gebeure en aktiwiteite in die bestuur en ontwikkeling van die dorp het 'n groot invloed gehad op die verenigings se betrokkenheid by munisipale sake in Krugersdorp. In 1954 het die stadsklerk byvoorbeeld berig dat die verenigings reeds etlike jare gelede doodgeloop het.¹⁵⁷ As rede hiervoor kan aangevoer word dat die belastingbetalersverenigings met die Nasionale Party stewig in die saal, nie meer nodig was vir die mobilisering van die Afrikaner nie.

Die belastingbetalersvereniging herleef in die sestigerjare toe dit in 1964 herstig is as “waghond oor raadsake”. Groot ontevredenheid het in die sestigerjare geheers oor die wyse waarop die Stadsraad openbare fondse aangewend het in die ontwikkeling van die Krugersdorp Wildtuin.¹⁵⁸ In die sewentiger- en tagtigerjare toe die verskuiwing van Munsieville, waarna later verwys word, ter sprake kom, was daar weer 'n oplewing in die

¹⁵⁶ D. O'Meara, *Volkskapitalisme: Class, capital and ideology in the development of Afrikaner nationalism, 1934-1948*, pp.40,54,55. Die stigting van Afrikaanse kultuurverenigings soos die ATKV en die Krugeraandvieringe wat in hoofstuk 7 bespreek word, hou ook met die Afrikaner se “verowering” van die stad verband.

¹⁵⁷ TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/2/135, korrespondensielêer K9, Brief Stadsklerk Krugersdorp-J.H. Botha, 22 Jun. 1954.

¹⁵⁸ Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *West Rand Times*, 18 Sept. 1964, p.1 en 27 Nov. 1964, p.3. Raadpleeg hoofstuk vier vir meer besonderhede oor die Krugersdorp Wildtuin.

belastingbetalersvereniging.¹⁵⁹ In die tagtigerjare het die belastingbetalersvereniging ook die Stadsraad gekritiseer vir die geld wat hulle spandeer op die instandhouding van die Lanseria Lughawe, wat hulle as 'n "Wit Olifant" beskou het. Die Stadsraad het die aantyging deeglik ondersoek en die vereniging daarna vir R49-00 (nege-en-veertig Rand) aangeslaan synde koste aangegaan tydens die ondersoek. Die vereniging het geweier om hierdie bedrag te betaal omdat dit vir dienslewering was waarop hulle geregtig is.¹⁶⁰

Geen rekords kon opgespoor word van die bestaan van 'n belastingbetalers- of soortgelyke vereniging in die Indiërgemeenskap nie. Daar is wel verskeie voorbeelde waar die Indiërs as gemeenskap hulle opinie teenoor die bestuur van die Stadsraad uitgespreek het, en nie as individue opgetree het nie. Dit is opmerklik dat die gemeenskap hulle in die meeste van hierdie gevalle tot 'n prokureur of advokaat moes wend ten einde hulle saak aan die Stadsraad te kon stel. Die standpunt van die Indiërgemeenskap ten opsigte van die instelling van groepsgebiede, wat later bespreek word, is 'n goeie voorbeeld hiervan. Die gemeenskap het ook deur middel van 'n prokureur beswaar aangeteken teen die verskuiwing van die Indiërskool en -sportgronde in die vyftigerjare.¹⁶¹

Alhoewel die Swartgemeenskap geen vereniging gehad het waardeur hulle met die Stadsraad gekommunikeer het nie, het die Naturelle Advieskomitee in 'n mate aan die behoefte voorsien.¹⁶² Alhoewel die doel van die Advieskomitee was om Swartmense 'n groter aandeel aan die bestuur van hulle woongebiede te gee, het die plaaslike Advieskomitee nie 'n betekenisvolle bydrae gelewer in die verbetering van die Swartmense se

¹⁵⁹ Kyk ook Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer M22, *Munsieville*, sd., vir besonderhede insake die verskuiwing van Munsieville.

¹⁶⁰ Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer R1, koerantknipsel, *The Star*, 26 Jun. 1980.

¹⁶¹ Sentrale Argiefbewaarplek (SAB), Pretoria, BEP, band 188, verw. 82/119/3, *Verslag van ondersoekkomitee na die instelling van Groepsgebiede*, 4 Mei 1962, p.13. Kyk ook TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/2/123, korrespondensielêer I3, korrespondensie insake Indiërskool, 1950-1956. Die verskuiwing van die Indiërskool en sportgronde word in hoofstuk agt bespreek.

¹⁶² Die Naturelle Advieskomitee word later in die hoofstuk bespreek.

algemene lewensomstandighede nie.

Sedert die vyftigerjare het die Swart-, Bruin- en Indiërgemeenskappe onder leiding van die African National Congress (ANC) 'n beleid van burgerlike ongehoorsaamheid gevolg, waardeur hulle op 'n sigbare wyse beswaar aangeteken het teen diskriminerende wetgewing. Die “verset” het onder andere doelbewuste oortreding van die paswette en “slegs Blanke”-regulasies behels. Hierdie optrede het groot druk op plaaslike owerhede, wat verantwoordelik was vir die handhawing van die wetgewing, en die polisie geplaas.¹⁶³ Massaoptredes, wat stakings, boikotte en optogte insluit, het die tweede been van die burgerlike verset uitgemaak.

Die optrede van die Nie-Blanke gemeenskappe was met wisselende sukses bekroon. Die Regering het die burgerlike verset as 'n bedreiging van staatsveiligheid gesien en daarom gevangenissetting in die algemeen vir alle oortreders van die apartheidswette opgelê. Dit weer het tot gevolg gehad dat die stigma wat aan gevangenissetting gekleef het, verval het. Gevangenissetting het 'n simbool van die “bevrydingstryd” geword. Dit is as simbool versterk deur die gevangenissetting en verbanning van die nasionale leiers van die versetbeweging.¹⁶⁴ 'n Plaaslike student, Lawrence Ntlokwa, is in 1978 vir vyf jaar verban vanweë sy deelname aan die versetbeweging. Ingevolge die bevel was Ntlokwa verbied om binne die grense van die Republiek of Suidwes-Afrika (Namibië) enige vergadering of byeenkoms by te woon waar hy op 'n sosiale of ander vlak met ander persone kon kommunikeer.¹⁶⁵

Ontevredenheid onder Blanke Afrikaners het na die stigting van die Konserwatiewe Party toegeneem. Waar die Afrikanerpolitiek in die sestiger- en sewentigerjare meer gematig was, het dit na die onluste in Soweto (1976) 'n sterker regse inslag begin toon. Die beweging na regs in die Krugersdorp

¹⁶³ Kyk hoofstuk elf vir bespreking oor misdaad, polisiëring en regspleging wat hiermee verband hou.

¹⁶⁴ N.R. Mandela, *The illustrated long walk to freedom: The autobiography of Nelson Mandela*, pp.46-49.

¹⁶⁵ Instituut vir Eietydse Geskiedenis (INEG), Bloemfontein, koerantknipsel no. 2605, *Post*, 15 Nov. 1978.

Stadsraad in die tagtigerjare val saam met die politieke radikaliserings van die Swartgemeenskappe en lei dus tot konflik weens onversoenbare standpunte. As deel van die gemeenskap se verset teen die politieke bedeling is boikotte teen Blanke besighede georganiseer. Plaaslike Owerhede het in besonder gely onder die weiering om vir munisipale dienste of huishuur te betaal. Dit was ook die geval in Krugersdorp. Die nie-betaling van diensteheffings en huurgelde in Kagiso en Munsieville as deel van die verset teen die politieke bedeling, het daartoe bygedra dat die munisipale rade in beide gebiede vervang is met administrateurs.

Die lydelike verset van die Swartgemeenskappe het sedert die tagtigerjare in Krugersdorp in intensiteit toegeneem en uiteindelik uitgeloop op die verbruikersboikot, waarna reeds verwys is. Die hoofrede vir die boikot was die onwilligheid van die Krugersdorp Stadsraad om in gesprek te tree met die United Democratic Front (UDF). Die UDF is nie 'n politieke party nie, maar eerder 'n verteenwoordigende gemeenskapsforum wat met die stadsraad wou onderhandel oor erkenning en beter regte en geleenthede vir die Nie-Blankes in Krugersdorp. Die Konserwatiewe Party-beheerde stadsraad was nie hiervoor te vinde nie, sodat die gemeenskap onder leiding van die "civics" tot die boikot oorgegaan het. Namate die boikot in intensiteit toegeneem het, het sake- en gemeenskapsleiers op eie inisiatief met die forum in gesprek getree. Die uitgerekte samesprekings het momentum begin kry toe die Konserwatiewe Party en die Vryheidsfront ook tot die onderhandelingsstafel toegetree het. Dit het gepaard gegaan met die vrylating van Nelson Mandela in 1990. 'n Nuwe demokratiese bestel vir Krugersdorp en die grondslag waarop die Plaaslike Oorgangsraad vandag funksioneer, is uit die onderhandelinge wat hierop gevolg het, gebore.¹⁶⁶

3.4. BEHEER OOR WOONGEBIEDE VIR SWART-, BRUIN- EN INDIËRGEMEENSKAPPE

Die Blankes het die Nie-Blanke inwoners van die land nie as hulle sosiale gelyke gesien nie.¹⁶⁷ Die verskil in herkoms, kultuur en beskawingspeil het 'n maatskaplike en politieke kloof tussen Blankes en ander bevolkingsgroepe in Suid-Afrika laat ontstaan. Die Regering het 'n oplossing vir die vraagstukke wat deur die onoorbrugbaarheid van die "kloof" veroorsaak word, gesoek in 'n beleid van algehele segregasie tussen Blankes en die ander bevolkingsgroepe. Vir hierdie doel is daar met verloop van jare 'n verskeidenheid wette gepromulgeer om die beweging van hierdie mense aan bande te lê en instroming na sogenaamde Blanke gebiede te beheer.¹⁶⁸ Die Naturellegebiede Wet, No.27 van 1913, het permanente woongebiede aan Swartmense in Suid-Afrika toegeken. Die bepalinge van hierdie wetgewing is in 1923 met die promulgering van die Naturelle Stadsgebiedewet, No.21 van 1923, uitgebrei. Laasgenoemde wet het Swartmense onder andere verbied om in sogenaamde Blanke gebiede te vestig, en die dra van 'n pas vir Nie-Blankes verpligtend gemaak.¹⁶⁹

Op plaaslike owerheidsvlak het Stadsrade aan die wetgewing beslag gegee deur middel van die afkondiging van verordeninge. Die Lokasieverordeninge vorm die grondslag vir die beheer van die Swartwoongebiede. Die verordeninge is vir die eerste keer gepubliseer in Administrateurskennisgewing no. 278 van 1912.¹⁷⁰ Die woord "naturel" word in die verordening gedefinieer as "enig persoon wiens beide ouders behoren tot enig inboorlingenras of stam van Afrika", terwyl "lokasie" verwys na "een gebied afgezonderd voor de uitsluitende okkupatie door naturellen, niet wonende in de gebouwen hunner werkgevers". Die

¹⁶⁷ SAB, Pretoria, UG, band 61/1955, *Summary of the report of the Commission for the socio-economic development of the bantu areas within the Union of South Africa*, 1955, pp.8,9.

¹⁶⁸ Kyk A.E.A.M. Thomashausen, *The dismantling of apartheid: The balance of reforms, 1978-1988*, vir besonderhede oor die betrokke wetgewing en A.N.P. Pelzer, *Die instelling en funksionering van Swartplaaslike besture met verwysing na Ikageng* (ongep. M.A.-verhandeling, PU vir CHO, 1987).

¹⁶⁹ Oortredings van die paswette word in hoofstuk elf onder die opskrif Misdad, Polisie diens en Regspleging bespreek.

¹⁷⁰ Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, Administrateurskennisgewing no.278, *Provinsiale koerant, Transvaal*, 15 Nov. 1912, pp.256-263.

verordeninge maak voorsiening vir die beheer en toekenning van standplase aan Swartinwoners en die invordering van huurgelde, asook gesondheidsregulasies, boupermitte en die aanhou van diere in die lokasie. Die regulasies maak voorsiening vir 'n aandklokkeel wat Swartinwoners tot die lokasie beperk tussen die ure 21:00 en 06:00. Die polisie het gereeld klopjagte in die "dorp" uitgevoer om Swartinwoners sonder permitte vir oortreding van die aandklokkeel in hegtenis te neem. Skuldigbevinding is dikwels gestraf deur die toedien van lyfstraf of gevangenissetting.¹⁷¹

Naturelle-lokasies is bestuur as deel van die Krugersdorp munisipaliteit, maar met die lewering van die minimum noodsaaklike dienste. 'n Afsonderlike Nie-Blankesake Departement is in 1922 in die lewe geroep. Die administrasie van die lokasies was die verantwoordelikheid van die stadsrade, maar hulle kon nie sonder skakeling met die Naturellekommissaris van die Departement van Naturelle Sake optree nie. Die Naturellestadsgebiedewet van 1923, No.21 van 1923, het die beheer van Swartes in dorpsgebiede gereguleer. Alle regulasies wat ten opsigte van die bestuur van die Swartes in stadsgebiede deur plaaslike owerhede gemaak is, moes deur die Staat goedgekeur word. Amptenare van die Departement van Naturellesake was gemagtig om alle Swartwoongebiede te inspekteer. Verder is bepaal dat plaaslike owerhede 'n inkomsterekening moes hou waarin alle gelde wat van Swartes verhaal is, gestort moes word. Geen uitgawes kon sonder die goedkeuring van die Minister van Naturellesake aangeaan word nie. Die ontoereikendheid van die naturelle-inkomsterekening het in die praktyk beteken dat die lewering van noodsaaklike infrastrukturele dienste aan die Swartwoongebiede nie die gewensde aandag gekry het nie.¹⁷²

Die Naturellestadsgebiedewet het nie segregasie ingestel nie. Dit was gerig op die behoorlike administrasie en bestuur van Swartwoongebiede. Die Naturellestadsgebiedewet van 1923 het bepaal dat alle stadsrade 'n Naturelle Advieskomitee vir elke Swartwoongebied in die lewe moes roep. Stadsrade

¹⁷¹ B. Modisane, *Blame me on history*, pp.123,124.

¹⁷² A.J. Potgieter, *Die swartes aan die Witwatersrand, 1900 - 1933*, p.63. Kyk ook C.J.P. le Roux, "Rol van die Naturelle-adviesraad op plaaslike bestuursvlak in Bloemfontein, 1923-1948, *Contree*, No.25, Apr. 1989, pp.5-11..

moes die mening van die Naturelle Advieskomitee inwin voordat enige verordeninge goedgekeur kon word. Op hierdie wyse het Swartes inspraak in die bestuur van die woongebied verkry.¹⁷³ Die mate van seggenskap wat die Swartmense geniet het, was egter so beperk dat dit nie as advies beskryf kan word nie, maar hoogstens as 'n forum beskou kan word waar Swartmense uiting aan hulle griewe kon gee. Die Naturelle Advieskomitee moes ook as 'n skakel tussen die inwoners van die Swartwoonbuurt en die stadsraad optree. Die stadsraad was nie wetlik verplig om uitvoering aan die aanbevelings van die advieskomitee te gee nie. Die Wet op Naturelleadministrasie, No.38 van 1927, het die advieskomitees onder die beheer van die Departement van Naturellesake geplaas en die mag om lokasiesuperintendente aan te stel, aan die Minister van Naturellesake opgedra.¹⁷⁴

Die Naturelle wysigingswet, No.36 van 1944, het belangrike veranderinge aan die bevoegdhede van die Naturelle Advieskomitee teweeggebring. Die wysigings het die Advieskomitee onder andere gemagtig om sake rakende die belange van die Swartmense te bespreek en aan die plaaslike owerheid en, of die Minister van Naturellesake, met aanbevelings, te rapporteer. In die tweede plek het die wetgewing groter finansiële bevoegdheid aan die Advieskomitee verleen en plaaslike owerhede verplig om die bedryfsbegroting van die naturelle-inkomsterekening vir aanbevelings en goedkeuring aan die Advieskomitee voor te lê. Inkomste uit die munisipale drankverkope moes ook voortaan afsonderlik in die inkomsterekening aangeteken word.¹⁷⁵

Die funksie en verantwoordelikhede van Naturelle Advieskomitees is in 1945 verder uitgebrei met die promulgering van die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, No.25 van 1945. Volgens Pelzer is die Naturelle Stadsgebiede Wet in die periode 1923 tot 1945 ses keer gewysig voordat die wysigings in een wet gekonsolideer is vir "beter, doelmatiger administrasie

¹⁷³ A.J. Potgieter, *Die swartes aan die Witwatersrand, 1900 - 1933*, p.94; A.N.P. Pelzer, *Die instelling en funksionering van Swartplaaslike besture ...*, pp.10-14.

¹⁷⁴ M. Roth, *The formation of the Native Representative Council* (unp. M.A.-dissertation, UNISA, 1994), p.27.

¹⁷⁵ C.J.P. le Roux, "Rol van die Naturelle-adviesraad op plaaslike bestuursvlak in Bloemfontein, 1923-1948", *Contree*, No.25, Apr. 1989, p.10.

van naturelleaangeleenthede”.¹⁷⁶ Een van die belangrikste funksies van die Naturelle Advieskomitee ingevolge die nuwe wetgewing, is om beheer uit te oefen oor die onwettige handel in drank in die lokasies. Die ander magte en pligte wat in die wetgewing vervat is, het nie veel aan die adviserende status van die advieskomitees verander nie, behalwe dat die wet die regsbevoegdheid van die Naturelle Advieskomitee erken het. By implikasie het dit beteken dat die Naturelle Advieskomitee ‘n hofbevel teen ‘n plaaslike owerheid kon kry waarin laasgenoemde verplig word om die aanbevelings van die advieskomitee in oorweging te neem. Die nuwe wet het plaaslike owerhede dus verplig om die aanbevelings van die advieskomitee ernstig op te neem en in harmonie met die Swartmense saam te werk.¹⁷⁷

Die Lokasieverordeninge vir Krugersdorp is in 1947 aangepas om voorsiening te maak vir wysigings in die aanstelling van die Naturelle-Advieskomitee. Die funksies en pligte van die Naturelle-Advieskomitee kan soos volg opgesom word.¹⁷⁸

- Om in ‘n adviserende hoedanigheid in sake betreffende die lokasie op te tree;
- Om klagtes, vertoë en voorstelle van die inwoners te ontvang en te oorweeg en, indien sulks nodig beskou word, om vertoë daaromtrent aan die superintendent van die lokasie te doen wat dit met sy opmerkings, as daar is, aan die Raad of aan ‘n komitee wat deur die Raad aangestel is om met sake van die lokasie te handel, stuur, mits dit nie met die lokasieregulasies in stryd beskou word nie, byvoorbeeld die instromingsbeheer maatreëls en onwettige drankhandel.
- Om verslae omtrent die lokasie deur die Raad of enige van sy beamptes te ontvang en te oorweeg, en indien nodig, om vertoë in verband met sulke verslae aan die Raad te rig;

¹⁷⁶ A.N.P. Pelzer, *Die instelling en funksionering van Swartplaaslike besture...*, p.11.

¹⁷⁷ J.E. Mathewson, *Policies and practices of Native participation in municipal government in Southern Africa* (unp. D.Phil.-thesis, PU for CHE, 1958), pp.267,269.

¹⁷⁸ TAB, Pretoria, TPB, band 165, verw. TALG 2/494, Vol. 3, *Native Location Regulations*, 31 Jul. 1947.

- Om spesifieke funksies wat by die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, No.25 van 1945, of 'n wysiging daarvan, aan hom toegewys is, uit te oefen;¹⁷⁹
- Om aan die owerheid alle moontlike hulp by die handhawing van wet en orde in die lokasie te verleen.”

Die Naturelle Advieskomitee het bestaan uit vier lede wat deur geregistreerde inwoners van die lokasie verkies is, en twee lede wat deur die Stadsraad benoem is. Die Naturelle Advieskomitee is vir 'n periode van drie jaar aangestel, wat 'n mate van kontinuiteit in die werksaamhede meegebring het. Gemeet aan 'n gemiddelde stempersentasie van 30%, was die ondersteuning van die Swartgemeenskap nie hoog nie. Een van die hoofredes hiervoor is dat die Swartmense die Naturelle Advieskomitee as “talk shops” gesien het, omdat die stadsraad nie verplig was om die aanbevelings van die komitee uit te voer nie.¹⁸⁰ Die steun van die gemeenskap was eerder aan informele komitees en strukture ter bevordering van hulle belange toegesê.¹⁸¹

'n Blanke lid van die Naturelle Advieskomitee moes altyd as voorsitter optree en as daar geen Blanke voorsitter was nie, dan moes die lokasie-superintendent ('n Blanke) die voorsitter wees. Die Krugersdorp Stadsraad was een van die min stadsrade in die Transvaal wat 'n voltydse gesalarieerde amptenaar in diens van die Naturelle Advieskomitee aangestel het. Die mate van sukses wat die komitee in Krugersdorp behaal het, kan grootliks hieraan toegeskryf word. Ten spyte hiervan was daar nie veel ontwikkeling op die gebied van bestuur van Swartmense in Krugersdorp nie. Die Naturelle Advieskomitee het toesig gehou oor die werksaamhede van die lokasiesuperintendent en sy personeel, maar inwoners binne die munisipale woongebied het geen direkte aandeel aan die bestuur en beleidsaspekte ten opsigte van hulleself gekry nie.¹⁸²

¹⁷⁹ Hierdie funksies sluit onder andere die afdwingbaarheid van besluite en aanbevelings aan die stadsraad in.

¹⁸⁰ TAB, Pretoria, MKR, band 1/3/2/1/24, *Notule Openbare gesondheid en Nie-Blanke sake komitee*, 3 Des. 1945.

¹⁸¹ J.E. Mathewson, *Policies and practices of Native participation...*, pp.250,275.

¹⁸² J.E. Mathewson, *Policies and practices in Native participation...*, pp.259,275-285.

Die stedelike Bruin- en Indiërgemeenskappe is deur die plaaslike Stadsraad geadministreer en beheer. Ingevolge die Groepsgebiedewet, No. 77 van 1957, en die Transvaal Plaaslike Owerheid (Uitbreiding van magte) Ordonnansie, No.22 van 1962, is adviesrade en bestuurskomitees vir Bruin- en Indiërgesiede ingestel. Die hoofdoel van die Adviesrade was om die munisipale owerheid te adviseer met betrekking tot sake wat die daaglikse lewe van die gemeenskap raak. Die Bruingemeenskap het 'n advieskomitee soorgelyk as dié van die Naturelle Advieskomitee gehad. Die Stadsraad het die *Cape Coloured Settlement Board* reeds in 1948 erken.¹⁸³ Die status van die Indiër Advieskomitee is in 1982 op aanbeveling van die Stadsraad verander na die *Indiër Bestuurskomitee*.¹⁸⁴ Met die promulgering van die nuwe Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, No.110 van 1983, is plaaslike bestuur as “eie sake” gesien. Sedertdien is die Bruin- en Indiërgemeenskappe onder die nuwe wetgewing deur plaaslike rade bestuur en geadministreer.¹⁸⁵

Die lokasiesuperintendent was in beheer van die lokasie. Hy is in die uitvoering van sy pligte bygestaan deur munisipale (lokasie) polisie (foto no.12). Artikel 53 van die verordeninge het aan hom die reg verleen om te enige tyd toegang tot standplase, geboue of hutte in die lokasie te verkry vir inspeksies. Die doel van hierdie inspeksies was hoofsaaklik gerig op die uitsetting van inwoners sonder woonpermitte en om instromingsbeheer toe te pas, sowel as om die onwettige brou van kafferbier in die lokasies te bekamp. Ten spyte van die afkondiging van verordeninge om onbeheerde toegang tot drankmisbruik te beperk, het die “shebeen queens” ‘n vooruitstrewende bestaan gemaak uit die verkoop van “skokiaan”. Volgens die Burgemeestersverslag van 1912 was ‘n groot aantal persone vir oortredings van die drankregulasies voor die hof gebring gedurende die eerste maande na

¹⁸³ TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/2/57, korrespondensielêer C19, uittreksel uit notule *Nie-Blankesake komitee*, 6 Mei 1954. Kyk ook *Lokasieverordeninge vir Kaapse Kleuringe*, 25 Jul. 1956.

¹⁸⁴ Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Burgemeestersverslag 1981-1982*, p.24.

¹⁸⁵ J.J.N. Cloete, *Central, regional and local government...*, pp.194-196.

die aanstelling van die lokasiesuperintendent en die strenger beheer wat hy uitgeoefen het om die onwettige handel in drank te beheer.¹⁸⁶

Die munisipaliteit het deur die jare 'n groot aantal Swartpersone in sy diens gehad. Hierdie personeel was in die munisipale kampong gehuisves. Hulle was hoofsaaklik verantwoordelik vir die verwydering van riool-afval. In sy verslag aan die munisipale Raad doen die sanitasie en gesondheidsinspekteur in dieselfde verband, onder een hoof, verslag oor die welsyn van die muile, die nagkarre en die personeel wat die diens lewer. Die verslag beklemtoon die voorsiening wat vir die versorging van die diere gemaak is, bo dit wat nodig was om die woonkwartiere van die werkers te verbeter en merk op dat die gemiddelde koste vir die onderhoud van die trekdiere £22-9-3 (twee-entwintig pond, nege sjielings en drie pennies) bedra het teenoor die ses tot agt sjielings wat dit gekos het om die Swartarbeiders te onderhou. Die Gesondheidskomitee het daarby aanbeveel dat die werkers met kafferbier vir die ekstra ure wat oor naweke gewerk word, vergoed word.¹⁸⁷ Die Christian Temperance Union het hierteen beswaar aangeteken, maar die Gesondheidsinspekteur het die bier as "voedsaam" bestempel en bygevoeg dat die Swartmense vanaf hulle geboorte daarop grootgemaak word,¹⁸⁸ en voortgegaan met die praktyk om die arbeiders op hierdie wyse te "vergoed" vir die ekstra ure wat hulle werk. Volgens die hoofbrouer van die *Krugersdorp Municipal Bantu Beer Brewery*, het sommige Swartmense in 1964 tussen drie tot vier gallon (18,1344 liter)¹⁸⁹ bier per dag gedrink.¹⁹⁰

Swartmense is deur die Drankwet verbied om enige alkoholiese drank te gebruik, maar hulle was toegelaat om kafferbier by die Munisipale Biersale te koop. Indirek het die verkoop van kafferbier in die Munisipale Biersale

¹⁸⁶ Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 30 October 1912*, p.97. Kyk ook bespreking in hoofstuk elf van misdade wat met die paswette en onwettige drankhandel verband hou.

¹⁸⁷ Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 30 October 1912*, pp.23,24,61, *Mayor's Minute for the year ending 31 October 1909*, p.9, *Mayor's Minute for the year ending 30 October 1908*, p.79.

¹⁸⁸ Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 31 October 1913*, p.94.

¹⁸⁹ *Kearland's metrieke omrekeningstabelle*, Een gallon is gelyk aan 4,54609 liter, tabel 23.

¹⁹⁰ Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *West Rand Times*, 31 Jul. 1964, p.4. Die berig sê nie of die hoeveelheid bier per individu of per groep verbruik is nie.

dronkenskap onder Swartmense bevorder. Die Wet het 'n alkoholpersentasie van 2% in drank toegelaat, terwyl die kafferbier wat deur biersale verskaf was, 'n alkoholpersentasie van drie persent gehad het. As gevolg van die hoë voorkoms van dronkenskap, het misdaad aan die Rand ernstig toegeneem. Dronkenskap in die biersale het algemeen voorgekom. Hierdie persone is dan deur die munisipale (lokasie) polisie in hegtenis geneem en deur die hof beboet. 'n Ondersoek is in 1941 geloods na die sukses al dan nie van die Munisipale Biersale. In sy verslag kom die ondersoekbeampte tot die gevolgtrekking dat: "Dealing purely with the excess of revenue over expenditure from Beer Halls, I am confirmed in my conviction that the chief aim in establishing Beer Halls was the making of profit from Natives, in order that the Native Affairs Departments of Municipalities might be financed from this source, instead of deficits being made good from the 'General Rates Account'" ¹⁹¹

Die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet het 'n nuwe era in die administrasie van Swartwoongebiede ingelui. Dit het nie-alleen die magte van plaaslike owerhede om die instroming van Swartmense na stedelike gebiede te beheer, daadwerklik vergroot nie, maar ook positiewe pogings aangewend om die Swartmense by die administrasie van hulle eie mense te betrek. Die politieke toneel het sedert 1948, toe die Nasionale Party aan bewind gekom het, aansienlik verander met die promulgering van 'n wye reeks wette om beslag te gee aan die Regering se beleid van afsonderlike ontwikkeling. Dit het volgens Serfontein daartoe bygedra dat Naturelle Advieskomitees al hoe minder aandag aan plaaslike bestuursaangeleenthede gegee het, omdat hulle eise en aanbevelings meer gerig was op sake van nasionale belang. ¹⁹²

Die onbevredigende funksionering van die Naturelle Advieskomitees het in 1961 gelei tot die promulgering van die Wet op Stedelike Bantoerade, No.79

¹⁹¹ Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêër B4, S. Lewis, *Evidence submitted to the Native Affairs Commission regarding the success, or otherwise, of municipal beer halls and also to the Committee appointed to enquire into the economic, health and social conditions of Natives in urban areas*, pp.6-10. Kyk ook *West Rand Times*, 31 Jul 1964, p.4.

¹⁹² C.H. Serfontein, *Instromingsbeheer in stedelike bantoeadministrasie* (ongep. M.A.-verhandeling, PU vir CHO, 1970), p.85. Kyk ook A.N.P. Pelzer, *Die instelling en funksionering van Swartplaaslike bestuur...*, p.13.

van 1961. Die Wet maak onder andere voorsiening vir die instelling van Stedelike Bantoerade in die plek van die Naturelle Advieskomitee, die verlening van siviele en strafregtelike jurisdiksie aan die rade en die instelling van gemeenskapspolisie.¹⁹³ Die Stedelike Bantoerade se funksies is meer uitvoerend van aard met bevoegdhede ten opsigte van minder belangrike plaaslike bestuursaangeleenthede. Sowel Munsieville as Kagiso is sedert 1973 deur middel van Stedelike Bantoerade bestuur en geadministrateer.¹⁹⁴

Beheer oor stedelike Swartmense was in die sewentigerjare in 'n mindere of meerdere mate uitgeoefen deur Plaaslike Owerhede, Stedelike Bantoerade, die bantoe-kommissaris en landdroste. Die Stedelike Bantoeraad vir Krugersdorp wat die Naturelle Advieskomitees vervang het, is op 24 November 1970 verkies. Die Stedelike Bantoeraad het vir die eerste keer op 9 Desember in dieselfde jaar vergader. Die magte en pligte van die Stedelike Bantoeraad het in wese dieselfde gebly as dié van die Adviesrade. In 'n poging om die beheer te sentraliseer is die Wet op Bantoesake-administrasierade in 1974 afgekondig. Hierdie wetgewing het die Krugersdorp Stadsraad onthef van sy verantwoordelikheid om na die administrasie van Swartmense in sy regsgebied om te sien.¹⁹⁵ Die instelling van 'n streekbeheerde opset vir bantoeadministrasie onder 'n statutêre liggaam, het Swartwoongebiede van vrymatige stadsrade (nie Nasionale Party-stadsrade) ook onder die beheer van die Departement van Bantoesake gebring. Die nasionale Regering het sodoende groter seggenskap verkry in die bestuur en administrasie van stedelike Swartwoongebiede.

Die stelsel van Stedelike Bantoerade was, soos die Adviesrade, nie 'n sukses nie. As rede hiervoor kan aangevoer word dat al die belangrike uitvoerende bevoegdhede wat 'n vereiste vir plaaslike regering is, nie aan die rade oorgedra is nie. Daarby was die Stedelike Bantoerade nog ondergeskik aan die plaaslike (Blanke) owerhede.¹⁹⁶ Die gemeenskap was ook negatief teenoor

¹⁹³ Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Buitengewone Staatskoerant*, 1961.

¹⁹⁴ Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer K2, inligtingstuk (ongetitel), sd.

¹⁹⁵ Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Verslag van die Edelaagbare Burgemeester vir die tydperk geeëndig 16 Maart 1971*, pp.10,11.

¹⁹⁶ A.N.P. Pelzer, *Die instelling en funksionering van Swartplaaslike bestuur...*, p.20.

die Stedelike Bantoerade. Daar is na die rade verwys as “Useless Boys Clubs”, in analogie met die Engelse terme Urban Bantu Councils.¹⁹⁷

Die Wet op Gemeenskapsrade, Wet no.125 van 1977 het ‘n nuwe era in plaaslike bestuur vir Swartstedelike gebiede ingelui. Die Gemeenskapsrade het groter regsbevoegdheid gehad as die Stedelike Bantoerade. Dit is deur die nasionale regering ingestel as ‘n vorm van outonome plaaslike regering waar Swartmense deur hulle eie mense verteenwoordig kan word en ‘n mate van inspraak kon kry in sake wat hulle alledaagse lewe raak. Die magte en bevoegdhede van die Gemeenskapsrade was in ‘n sin wyer as dié van Blanke plaaslike owerhede omdat die Gemeenskapsrade ook inspraak in die onderwys en die handhawing van wet en orde gehad het. Slegs Swartmense wat in die gebied gewoon het en wat die voorgeskrewe kwalifikasies besit het, was bevoeg om as lede van die Gemeenskapsraad aangewys of verkies te word.¹⁹⁸

Die Stedelike Bantoerade in Kagiso en Munsieville het met die ontstaan van die Gemeenskapsrade opgehou met bestaan. Die plaaslike gemeenskappe het die Gemeenskapsrade verwerp. Dit is gesien as nog ‘n minderwaardige instelling van die “apartheidsbeweging”. Verkiesings van raadslede vir die Gemeenskapsrade is geboikot, terwyl aangestelde raadslede nie werklik die steun van die gemeenskap geniet het nie.¹⁹⁹

In die tagtigerjare het die Nasionale Party-Regering met weinig sukses probeer om ‘n nuwe grondwetlike bedeling in Suid-Afrika te skep. Die nuwe Grondwet van Suid-Afrika, No. 110 van 1983, het gelyke deelname in regeringstrukture verleen aan Indiërs en Bruinmense, nie net op nasionale vlak nie, maar ook op plaaslike vlak. In die sfeer van “eie sake” kon die Indiërs Azaadville onafhanklik bestuur en administreer as ‘n Munisipale Raad. Streng kritiek het op die nuwe regeringsbeleid gevolg omdat Swartmense steeds van die politieke arena geïsoleer was.²⁰⁰

¹⁹⁷ L.E.L. Moeketsi, *Onderhoud*, 1996.

¹⁹⁸ A.N.P. Pelzer, *Die instelling en funksionering van Swartplaaslike bestuur...*, pp.20-27.

¹⁹⁹ Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer K2, *Kagiso*, sd.; inligtingslêer M22, *Munsieville*, sd.

²⁰⁰ A.E.A.M. Thomashausen, *The dismantling of apartheid...*, p.11.

Selfregering op plaaslike owerheidsvlak vir Swartmense is in 1982/83 ingelui met die promulgering van die Wet op Swart Plaaslike Regerings, No. 102 van 1982, en die Wet op Swart Gemeenskapsontwikkeling, No.4 van 1984. Die Wet op Swart Plaaslike Regering het uitvoering gegee aan die Regering se beleid om selfbeskikking aan Swartmense op alle vlakke van regering te verleen. Outonomie plaaslike owerheidsfunksies, geskoei op die Transvaalse Ordonnansie vir Plaaslike Bestuur van 1939, is aan die Swart Plaaslike Besture toegeken.²⁰¹ Outonomie is aan Kagiso ingevolge die nuwe wetgewing verleen in Staatskoerant no. 3046 van 16 September 1983 en gewysig in Administrateurskennisgewing no. 1247 van 19 Augustus 1987. Dit was nogtans nie ware outonomie nie omdat die Swart Plaaslike Owerhede nie finansiële outonomie gehad het nie. Die Kagiso Munisipaliteit is in elf wyke verdeel. Die eerste munisipale verkiesings in Kagiso is gekenmerk deur 'n baie lae stempersentasie en 'n georganiseerde wegbly-aksie. Verset teen die hervormings van die nasionale Regering het tot uitgebreide onluste, geweld, optogte, boikotte en stakings gelei.

Die Wet op Swart Plaaslike Regering het nie die Wet op Gemeenskapsrade vervang nie. Die twee wette het langs mekaar bestaan met die gevolg dat daar Swartdorpe met Gemeenskapsrade was, terwyl ander dorpe Swart Plaaslike Besture gehad het. Aangesien geen melding gemaak word van 'n Swart Plaaslike Bestuur in Munsieville nie, word aangeneem dat Munsieville 'n Gemeenskapsraad gehad het, terwyl Kagiso 'n Swart Plaaslike Bestuur gekry het. Die Wysigingswet op Swart Plaaslike Owerhede, Wet no.58 van 1986, het voorsiening gemaak vir die proklamering van Swart Plaaslike Owerhede met die magte, pligte, bevoegdhede en werksaamhede van dorpsrade en stadsrade.²⁰²

In die politieke klimaat van die tyd, is dit te betwyfel of die Swartdorpsrade van Munsieville en Kagiso as suksesvol beskryf kan word. Die parallelle strukture wat deur die United Democratic Front (UDF) gestig en ondersteun

²⁰¹ A.N.P. Pelzer, *Die instelling en funksionering van Swartplaaslike besture*..., p.27; J.J.N. Cloete, *Central, regional and local government institutions of South Africa*, p.149.

²⁰² A.N.P. Pelzer, *Die instelling en funksionering van Swartplaaslike besture*..., pp.27-29.

is, het die hervormingsproses teengestaan. Plaaslike Swartraadslede het bedank en die bestuur van sowel Munsieville as Kagiso is in 1991 deur administrateurs oorgeneem.²⁰³

Terwyl die politieke hervormingsproses op nasionale vlak voortgesit is en die grondslag gelê is vir 'n demokratiese bestel in Suid-Afrika, het die verskillende politieke groeperinge in Krugersdorp ook om die onderhandelingsstafel vergader en die grondslag gelê vir die amalgamering van die munisipaliteite van Krugersdorp, Munsieville, Kagiso en Azaadville in die Plaaslike Oorgangsraad van Krugersdorp. Die totstandkoming van die Oorgangsraad in November 1994 het 'n era van Blanke dominasie in munisipale bestuur afgesluit.²⁰⁴

3.5. SEGREGASIE

Die nasionale segregasiebeleid is streng deur die Krugersdorp Stadsraad toegepas. Verskeie verordeninge is afgekondig om die nasionale wetgewing op plaaslike vlak te ondersteun en te implementeer en die belange van die Blanke inwoners te beskerm. Lokasieverordeninge het afsonderlike woongebiede vir verskillende bevolkingsgroepe verseker en is slegs een voorbeeld van die toepassing van segregasie op plaaslike vlak. In hierdie verband merk Callinicos²⁰⁵ op: "In addition to the Central Government's special laws for Africans, each municipality drew up its own regulations, which covered such matters as:

- the building of out-houses;
- sub-letting rooms and stands;
- the collection of rentals;
- the registering of children over 18 as tenants;
- the keeping of homes clean;
- the keeping of cattle in locations;

²⁰³ Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer K2, inligtingsstuk (ongetitel), sd.

²⁰⁴ C. Kruger, Onderhoud, 1998.

²⁰⁵ L. Callinicos, *Working life 1886-1940: Factories, townships and popular culture on the Rand, A people's history of South Africa*, vol. 2, p.213.

- the holding of entertainments;
- the carrying of dangerous weapons; and
- the creation of disturbances.”

Segregasie is doelbewus in die Suid-Afrikaanse politiek toegepas. Volgens Thomashaussen²⁰⁶ was “Apartheid ... never a principle of law in South Africa. The term ‘apartheid’ stands for a vast range of policies, adopted over decades in an unsystematic fashion, rather than as a clear ideological concept.” Hy gaan voort deur daarop te wys dat apartheid sy oorsprong het in die Europese koloniale beleid, Calvinistiese teologie, patriargale stelsel en die kulturele en tegnologiese superioriteit van die Blanke Suid-Afrikaner. Die grondslag van apartheid kan volgens hom aan Britse kolonialisme in Suid-Afrika toegeskryf word.

Verskeie nasionale wetgewing soos die Wet op Naturellegebiede (No. 27 van 1913), die Naturelle Stadsgebiede Wet (No. 21 van 1923), die Wet op Naturelle administrasie (No.38 van 1927) en die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet (No.25 van 1945) het die grondslag gelê vir die nasionale segregasiebeleid. Die toepassing van hierdie wetgewing het groter eise aan munisipaliteite gestel. In reaksie op die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet het die Krugersdorp Stadsraad in 1945 ‘n staande Naturellesake Komitee in die lewe geroep. Hierdie komitee het tot in 1949 saam met openbare gesondheid as die Openbare gesondheid en naturellesake komitee gefunksioneer. Dit het as ‘n selfstandige komitee begin funksioneer na die bewindsoorname van die Nasionale Party in 1948.²⁰⁷ Een van die verkiesingsbeloftes van die Nasionale Party was die toepassing van rassese segregasie op alle terreine van die samelewing met die doel om Blanke opperheerskappy en politieke leierskap te verseker.²⁰⁸ Dit was die taak van die Naturellesake komitee om in Krugersdorp uitvoering aan hierdie beloftes te gee.

²⁰⁶ A.E.A.M. Thomashaussen, *The dismantling of Apartheid. The balance of reforms, 1978-1988*, p.1.

²⁰⁷ TAB, Pretoria, MKR, band 1/3/2/1/24, *Notule: Openbare gesondheid en naturellesake komitee*, 13 Nov. 1945; band 1/3/9/1/1, *Notule: Naturellesake Komitee*, 7 Nov. 1949.

²⁰⁸ A.E.A.M. Thomashaussen, *The dismantling of Apartheid. The balance of reforms, 1978-1988*, p.2.

Vir die Unieregering was die aanwas van die Swartmense in die stede 'n probleem. Maatreëls vir instromingsbeheer na “Blanke” gebiede was daarom beskou as belangrike bepalinge in bogenoemde wetgewing. Die toepassing van die sogenaamde paswette was volgens Callinicos gebaseer op die aanname van die Blanke dat elke Swartmens 'n krimineel is waarteen die res van die gemeenskap beskerm moes word.²⁰⁹ Die doel van die Unieregering met instromingsbeheer was, volgens Serfontein om die getalsverhouding tussen Blankes en Swartmense in stedelike gebiede te handhaaf²¹⁰, wat uiteraard vir die Blanke gunstig sou wees.

Aangesien die meerderheid Swartmense na die stedelike gebiede gekom het om daar te werk, het die instromingsbeheermaatreëls vereis dat alle Swartloonaarbeiders by die plaaslike arbeidsburo van die Departement Nie-Blankesake geregistreer moes word. Die registrasieprosedure en uitreiking van toepaslike passe het groot druk op munisipaliteite en die lokasiesuperintendent geplaas. Naude meld dat 1551 Swartmans byvoorbeeld in 1969 by die Krugersdorp-arbeidsburo vir werk geregistreer het. Die meerderheid van hierdie aansoekers was in transit van die een betrekking na 'n ander.²¹¹

Woonpermitte is slegs aan arbeiders met 'n geldige loonpermit uitgereik. Geen persone sonder 'n woonpermit is toegelaat om in die lokasies te woon nie. Besoekerspermitte is aan persone wat familie of vriende in die lokasie wou besoek, uitgereik. Die uitreik van die permitte het groot druk op die administrasieafdeling van die Nie-Blankesake Departement van die Stadsraad geplaas. Die onderstaande tabel gee 'n opsomming van die aantal besoekers wat in 1957/58 ten opsigte van die woongebied vir Bruinmense uitgereik is.²¹²

²⁰⁹ L. Callinicos, *Working life 1886-1940: Factories, townships and popular culture on the Rand A people's history of South Africa*, vol.2. p.84.

²¹⁰ C.H. Serfontein, *Instromingsbeheer in stedelike bantoeadministrasie*, p.3.

²¹¹ Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, S.P. Naude, *Verslag oor die sosio-ekonomiese omstandighede van die Bantoebevolking van Krugersdorp, 1968/69* (ongep. verslag: Krugersdorp Stadsraad), p.2.

²¹² TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/2/58, *Maandverslae: Lokasiesuperintendent*, Januarie 1957-Julie 1948. Die munisipale jaar strek van Julie tot Junie.

ESOEKERSPERMITTE : WOONGEBIED VIR BRUINMENSE 1957/58			
Maand	Besoeke tussen 8:00 en 16:00	Besoeke tussen 16:00 en 12:00	Totale aantal permitte uitgereik
Julie 1957	789	918	1707
Augustus 1957	260	420	680
September 1957	654	764	1418
Oktober 1957	443	411	854
November 1957	301	209	510
Desember 1957	850	970	1820
Januarie 1958	747	850	1597
Februarie 1958	365	290	655
Maart 1958	237	1097	1334
April 1958	592	807	1399
Mei 1958	356	628	984
Junie 1958	320	550	870
Totaal	5 914	7 914	13 828

Figuur 14

Die getal permitte wat in die Swart-Lokasies uitgereik is, sou natuurlik baie meer gewees het as gevolg van die groter getalle wat hier ter sprake is.

Oortredings van die pasregulasies het algemeen voorgekom. Die wetgewing was nie net baie ongewild onder die Swartmense nie, maar doelbewuste verontagsaming daarvan het deel gevorm van die verset teen die Regering, soos reeds gemeld. Die owerheid se beleid van segregasie en die meerderheid Blankes se druk dat segregasie toegepas moet word, het die munisipaliteit aan 'n strawwe toets onderwerp. Oortreders is daarom op 'n gereelde grondslag gevang en voor die hof gebring.²¹³

Baie Blankes wat nie met die Regering se beleid saamgestem het nie, het die lokasies vir uiteenlopende redes besoek. Die maandverslae van die lokasiesuperintendente maak gereeld melding van Blankes wat tydens klopjagte in hegtenis geneem is vir oortredings van die apartheidswette. Ook buitelandse besoekers is dikwels tydens hierdie klopjagte gevange geneem: byvoorbeeld twee Duitsers wat in 1955 aan 'n dansparty in die lokasie

²¹³

Verwys ook na die bespreking van misdaad, polisiëring en regspleging in hoofstuk elf vir besonderhede oor die toepassing van die paswette.

deeltgeneem het. Hierdie arrestasies het Suid-Afrika se politieke beleid in die buiteland aan groter kritiek blootgestel.²¹⁴

Die segregasiebeginsel is ook toegepas in die voorsiening van behuising deur die verskillende etniese groeperinge in afsonderlike woongebiede te plaas. Die etniese groepering het nie net ten opsigte van die breër klassifikasie van Blank, Swartmens, Indiër en Bruinmens gegeld nie, maar in die geval van Swartmense is die etniese groepering verder gevoer sodat Sothosprekendes afsonderlik van die Ngunisprekendes gevestig is. Die groepsgebiede-vestiging van Swartmense is in 1955 in Krugersdorp op die volgende grondslag gebaseer:

ETNIESE GROEPERING VAN SWARTMENSE : 1955		
Etniese groep	Munsieville % van bevolking	Lewisham % van bevolking
Sothosprekendes	80%	50%
Ngunisprekendes	12%	40%
Ander groeperinge	8%	10%

Figuur 15

Die “ander groeperinge”, byvoorbeeld Tsongas en Vendas, is in die ontwikkeling van nuwe woongebiede in afsonderlike streke binne die lokasies gevestig.²¹⁵

Dit was ook nie altyd maklik vir die amptenary en die Stadsraad om die regeringsbeleid toe te pas nie. Gemengde huwelike, waar Bruinmense byvoorbeeld met Swartmense getroud is, het die etniese groepering van die gesin geraak. Poppie Abrahams is ‘n Swartvrou wat met ‘n Bruinman, Thomas, getroud was. Die gesin het in die woongebied vir Bruinmense gewoon totdat Thomas in 1950 oorlede is. Aangesien Poppie as ‘n “naturel” geklassifiseer is, kon sy derhalwe nie langer in die woongebied vir Bruinmense woon nie. Twee van haar drie kinders is ook as “naturel” geklassifiseer en die ander een as “Kleurling”. Na ‘n gesloer van jare waarin

²¹⁴ TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/2/57, korrespondensielêer C19, *M'aandverslae: Lokasiesuperintendent*, 1952-1958.

²¹⁵ TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/2/88, Brief Bestuurder, Nie-Blankesake-Stadsklerk Krugersdorp, 22 Mrt. 1955.

‘n besluit oor die vestiging van Poppie en haar kinders van een vergadering van die Nie-Blankesake Komitee na ‘n volgende oorgedra is, het die Komitee op 25 Maart 1959 besluit dat sy uit die woongebied vir Bruinmense na Kagiso verskuif moes word.²¹⁶

“Lokasies” vir Nie-Blankes was gewoonlik op die periferie van die blankbeheerde gebiede aangelê. Segregrasie op grond van ras en kleur was moeilik aanvaarbaar na die bewindsoorname van die Nasionale Party. Die Groepsgebiedewet (No.41 van 1950 en gekonsolideer in Wet no.36 van 1966) het wetlike beslag gegee aan die Nasionale Party se apartheidsbeleid. As eerste beginsel van die wetgewing is bepaal dat daar by elke dorp of stedelike industriële gebied, ‘n omvangryke lokasieterrein gevestig moes word as arbeidsbron. Die vestiging van kleiner lokasies om stedelike gebiede moes vermy word om ineenvloeiing van Blanke woonbuurtes met die lokasies vir Nie-Blankes te voorkom. Daarby moes ‘n aansienlike afstand tussen die lokasie en die Blanke woongebiede gehandhaaf word, sodat die lokasie as ‘n natuurlike-groepsgebied vir okkupasie ontwikkel kon word.²¹⁷ Die plasing en ontwikkeling van Kagiso as ‘n groepsgebiede-lokasie vir Swartmense aan die Wesrand, is ‘n goeie voorbeeld van die Krugersdorp Stadsraad se hantering van die nasionale segregrasiebeleid. Die groepsgebiede-ontwikkeling in Krugersdorp word in die afdeling oor residensiële ontwikkeling verder bespreek.

In teorie is die segregrasiebeginsel ook toegepas op dienstelewering deur die Stadsraad. Dienste is aan belastingbetalers gelewer. Hoe groter die belastinginkomste, hoe beter was die dienslewering. Die Blanke het voordeel getrek uit hierdie benadering omdat die inkomste van die natuurlike-rekening baie klein was. Die toestand van paaie, watervoorsiening en elektrisiteitsdienste waarna in die volgende hoofstuk verwys word, is goeie

²¹⁶ TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/2/58, Notules en korrespondensie: *Nie-Blankesake Komitee*, 1956-1959.

²¹⁷ Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, H.F. Verwoerd, *Natuurlikebeleid van die Unie van Suid-Afrika. Verklaring deur Sy Edele, dr. H.F. Verwoerd, Minister van Naturellesake, in die Senaat van die Parlement van die Unie van Suid-Afrika*, 20 Mei 1952, pp.8,9.

voorbeelde van die swakker munisipale dienste wat aan Nie-Blanke gemeenskappe gelewer is.

Die Naturellesake Komitee van Krugersdorp het tussen 1949 tot 1961 aandag gegee aan die hervestiging van Swartmense in die nuwe Kagiso lokasie as deel van die Groepsgebiede ontwikkeling. Die Nie-Blankesake Departement het ook aandag gegee aan die toepassing van lokasieverordeninge, intstromingsbeheer, arbeidsbeheer en die bekamping van werkloosheid onder Swartmense.²¹⁸

Die Indiër-inwoners was nie beter daaraan toe nie. Die Indiër-woonbuurt het gereeld deurgeloopt onder middernagtlike inspeksies. Die inwoners is na so 'n inspeksie vervolgt vir onhigiëniese woonomstandighede, stoor of opberg van bederfde voedsel, of die oorbevolking van woonkwartiere.²¹⁹ Die munisipale Raad het in 1908 sterk standpunt ingeneem teen die Indiërs en die wetgewing van die Regering om die registrasie van Indiërs verpligtend te maak, ondersteun,²²⁰ maar dit was veral beperkinge op die toekenning van handelslisensies wat die Indiërgemeenskap geraak het.²²¹ Die oopstelling van die Sentrale Besigheidsdistrik en vestiging van 'n Oosterse Plaza wes van Markstraat in die tagtiger jare was 'n groot deurbraak vir Indiërsakelui in Krugersdorp.²²²

Die politieke strewe van stedelike Swartmense het sedert die sestigerjare drasties toegeneem. Dit het dikwels gekulmineer in opstande, onluste,

²¹⁸ Vir meer besonderhede raadpleeg Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, S.P. Naude, *Verslag oor die sosio-ekonomiese omstandighede van die Bantoebevolking van Krugersdorp, 1968/69*, (ongep. verslag: Krugersdorp Stadsraad, s.j.).

²¹⁹ Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 31 October 1910*, p.93.

²²⁰ Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 31 October 1909*, p.8.

²²¹ Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer B39, *Hawkers' and Pedlars' by-laws*, 17 Febr. 1932; *Trade licence by-laws*, 29 Mrt. 1933..

²²² Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Krugersdorp Nuus*, 23 Des. 1988, p.4.

optogte en stakings. Thomashaussen²²³ beskou die Soweto-onluste van 1976 as die politieke keerpunt en die aanvang van 'n tydperk waarin apartheid stelselmatig afgebreek is. Dit het in hierdie tyd al hoe meer duidelik geword dat die Verwoerdiaanse konsep van apartheid prakties nie tot sy volle konsekwensies deurgevoer kon word nie. Die gemeenskaplike ekonomiese, sosiale en politieke behoeftes het Suid-Afrikaners in 'n al hoe groter mate oor kleurgrense saamgetrek. Die proses is versnel deur die toegespitsde ontwikkelingsprogramme wat in die verlede vir Nie-Blankes gevolg is.²²⁴ Omstandighede het owerhede gedwing om ten spyte van die nasionale beleid, die nuwe eise te akkommodeer. Die Krugersdorp Stadsraad was reeds in 1974 gekonfronteer met druk in eie geledere om oortredings van sogenaamde "klein apartheid" ("slegs Blanke" bepalings) te hersien. Die reservering van parkbanke slegs vir Blankes, die oopstelling van die openbare biblioteek aan alle rasgroepe en die opheffing van die bepaling dat Swartmense, Bruinmense en Indiërs slegs op een dag per week die Krugersdorp Wildtuin kon besoek, het onder die loep gekom. In reaksie hierop het die Stadsraad 'n gesprekskomitee in die lewe geroep om met die Nie-Blankes oor ander soortgelyke klein apartheid te onderhandel. Hierdie optrede het die deur vir verdere onderhandelinge en die opheffing van beperkende regulasies sedert die tagtigerjare voorberei.²²⁵ Die KP-beheerde Stadsraad het in 1988 besluit dat Nie-Blankes nie meer as tien persent van die gaste by funksies wat in sale van die Raad aangebied word, mag uitmaak nie.²²⁶ Maar toe Reinette du Toit twee Indiër- en vier Bruinkollegas na haar huweliksonthaal in die Jubileumsaal in Lewisham nooi, is sy die gebruik van die saal geweier, tensy sy die uitnodiging aan die Indiër en Bruingaste terugtrek. As rede vir die besluit, het die Stadsraad aangevoer dat Nie-Blankes nie op funksie in sale van die Raad in die residensiële gebiede toegelaat word nie.²²⁷

²²³ A.E.A.M. Thomashaussen, *The dismantling of apartheid...*, p.21

²²⁴ INEG, Bloemfontein, koerantknipsel no.3878, *Die Vaderland*, 26 Nov. 1979.

²²⁵ INEG, Bloemfontein, koerantknipsel no.35-38-75, *The Star*, 26 Nov. 1974; koerantknipsel no. 35-38-76, *Rand Daily Mail*, 26 Nov. 1974.

²²⁶ Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Krugersdorp Nuus*, 9 Des. 1988, p.4.

²²⁷ Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Krugersdorp Nuus*, 6 Mei 1988 p.3. Kyk ook bespreking van die Raad se besluit met betrekking tot deelname van anderkleuriges aan die West Rand Festival of Arts in hierdie jaar. *Krugersdorp Nuus*, 12 Feb. 1988.

3.6. MUNISIPALE SAMEWERKING OP DIE WESRAND

Weens die bevolkingsdigtheid van die Witwatersrand is samewerking tussen munisipaliteite genoodsaak. Die Krugersdorp Stadsraad was in die laat veertiger- en vyftigerjare lid van die *Council of Reef Municipalities*. Die Council of Reef Municipalities kan as 'n voorloper van die Wesrand Streekdiensteraad gesien word. Samewerking op hierdie Raad het munisipaliteite voorberei vir hulle rol en funksie op die Streekdiensteraad.

Die Council of Reef Municipalities het kwartaalliks vergader om aandag aan gemeenskaplike sake te gee met die doel om eenvormige optrede van die munisipaliteite aan die Witwatersrand te verseker, en waar nodig, veranderinge aan die verordeninge aan te bring ter bevordering van eenvormigheid. Sake wat in 1949 en 1950 aandag geniet het, sluit onder andere in die hou van begrafnisse op Sondaes, wat afgekeur is omdat personeel dan oortyd betaal moes word. Lugbesoedeling wat deur die mynhoop veroorsaak word, het reeds in hierdie jare kommerwekkende afmetings aangeneem. Die rehabilitasie van die mynhoop deur middel van die aanplant van gras is aan die verskillende mynhuise opgedra.

Die onwettige handel in drank en drankverkope in die lokasies is deeglik deur die Raad vir Randse munisipaliteite ondersoek. Strafoplegging vir oortredings van die drankregulasies was nie eenvormig deur die verskillende magistrats toegepas nie, wat munisipale beheer oor die onwettige handel en drankverkope bemoeilik het. Die strafoplegging van die magistraat in Krugersdorp vir die besit en brou van kafferbier, was byvoorbeeld 'n halfkroon boete en/of vier dae gevangenisstraf. Die strafoplegging in Johannesburg was £1 (een pond) boete of sewe dae gevangenisstraf. Die Raad het na aanleiding van die dispariteit bepaal dat die boetes vir die besit of brou van alkoholiese drank aan die Witwatersrand soos volg moet wees:

Kafferbier	10/-	(tien sjelings)
Skokiaan	£4	(vier pond)
Barberton	£4	(vier pond)
Quedeviki	£4	(vier pond)

Die Departement Justisie is versoek om die vasstelling van die boetes aan die magistrate oor te dra. Die Departement se reaksie was dat strafoplegging die prerogatief van die magistraat is en dat die Departement nie hierin voorskriftelik kan optree nie.²²⁸

Die politieke hervorming van die Nasionale Partyregering in die tagtigerjare het voorsiening gemaak vir die stigting van Streekdiensterade. Die Wet op Streekdiensterade, No.109 van 1985, definieer 'n streekdiensteraad as 'n "veelrassige statutêre owerheidsliggaam wat dienste op 'n streekbasis ontwikkel en lewer". 'n Streekdiensteraad bestaan uit verteenwoordigers van al die demokraties verkose plaaslike liggame van alle bevolkingsgroepe in die streek. Die Swart- en Indiërrade het op gelyke voet saam met die Blanke stadsrade op die streekdiensterade gedien, alhoewel stemreg verdeel is ooreenkomstig die mate waarin 'n gemeenskap of munisipaliteit van 'n bepaalde diens gebruik maak. 'n Munisipaliteit wat byvoorbeeld meer water gebruik, het 'n groter stemreg as die munisipaliteit wat minder water gebruik, maar geen munisipaliteit mag oor meer as 50% van die stemkrag beskik nie. Besluitneming van die Streekdiensteraad berus op veelrassige deelname en die bereiking van konsensus. In gevalle waar konsensus nie bereik kan word nie, is 'n twee-derde meerderheid stem nodig voordat die besluit aanvaar kan word.²²⁹

Streekdiensterade is ingestel met die doel om samewerking en koördinerende funksies tussen munisipaliteite te verseker. Die verdeling van die funksies tussen die streekdiensterade en plaaslike owerhede kan soos volg opgesom word: Streekdiensterade is verantwoordelik vir die grootmaat voorsiening van dienste en fasiliteite, byvoorbeeld water en elektrisiteit, varsproduktemarkte, rioolsuiweringswerke, paaie en stormwaterdreineringswerke, ensovoorts. Plaaslike owerhede op hulle beurt is verantwoordelik vir die

²²⁸ TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/2/64, korrespondensielêer C27. Notules: *Council of Reef Municipalities*, 1949-1950. Kyk R.E. Phillips, *The Bantu in the city. A Study of cultural adjustment on the Witwatersrand*, vir bespreking en verduideliking van die verskillende alkoholiese drankke.

²²⁹ A.E.A.M. Thomashausen, *The dismantling of apartheid...*, p.21. Kyk ook Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer W24, Afskrif: *Wet op Streekdiensterade, Wet no.109 van 1985*, Julie 1987.

instelling en instandhouding van 'n infrastruktuur om die grootmaat dienslewering in die munisipale gebied te versprei. Die eertydse Krugersdorpse munisipale slagpale word byvoorbeeld sedert 1987 op streekvlak deur die Wesrand Streekdiensteraad bedryf.²³⁰

Die Wesrand Streekdiensteraad is op 6 Junie 1987 ingestel met 22 raadslede van alle bevolkingsgroepe. Die geografiese area van die Streekdiensteraad beslaan 'n oppervlakte van ongeveer 3500km², wat die dorpe Maraisburg, Roodepoort, Krugersdorp, Randfontein, Westonaria en Oberholzer insluit. Sewentien plaaslike rade word op die streekdiensteraad verteenwoordig. Die gebied wat die Raad bedien, sluit metropolitaanse en landelike gebiede in, wat besondere uitdagings aan die streek stel. Mynbou is die belangrikste ekonomiese aktiwiteit van die landelike gebied, terwyl die vestiging van industriële in die metropolitaanse gebiede belangrik is vir die potensiele groei van die streek.²³¹

Die doelstellings van die Wesrand Streekdiensteraad was:

- Om alle bevolkingsgroepe aan die Wesrand in te sluit in die verbreding van demokrasie.
- Die uitskakeling en voorkoming van oorheersing van enige groep oor 'n ander.
- Die uitskakeling van diskriminasie op grond van ras, kleur of geloof.
- Die voorsiening van plaaslike owerheidsdienste op 'n koste effektiewe grondslag.
- Die ontwikkeling van addisionele finansiële bronne op plaaslike owerheidsvlak om die ontwikkeling en voorsiening van dienste in die gebied waar die grootste behoefte daarvoor bestaan, te bevorder.²³²

Die Streekdiensteraad is in stand gehou via heffings wat op werkgewers in die streek geplaas is. Die Wet op Streekdiensterade het vereis dat alle werkgewers by die Streekdiensteraad geregistreer moes wees. Die

²³⁰ Die slagpale word in hoofstuk vier bespreek.

²³¹ Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer W24, Knipsel: *Munisipale en openbare dienste*, Nov. 1990.

²³² Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer W24, Knipsel: *Munisipale en openbare dienste*, Julie 1987.

heffingsbedrag is bereken op die aantal werknemers in diens van 'n werkgewer. Die verkoop van grootmaatsdienste aan plaaslike owerhede, het as tweede bron van inkomste gedien.²³³

Die Streekdiensteraad het sedert sy instelling verskeie projekte geloods wat die lewenskwaliteit van inwoners in veral Kagiso en Munsieville verhoog het. Dit sluit die elektrifisering van die woongebiede, teer van strate en voorsiening van kraanwater aan elke woonhuis, in.²³⁴ Volgens die inskripsie op die hoeksteen van die munisipalegeboue in Munsieville, wat 'n biblioteek insluit, is die kompleks ook met fondse wat deur die Wesrand Streekdiensteraad verskaf is, opgerig.

Die verstedeliking van die Wesrand het groot druk op die Streekdiensteraad geplaas vir die ontwikkeling van infrastrukture. Die ontwikkeling van woongebiede in ontwikkelende munisipaliteite berus op gesamentlike besluitneming. Die Streekdiensteraad is verantwoordelik vir die ontwikkeling van 'n infrastruktuur (watervoorsiening, elektrisiteit, paaie en riolering) in die gebied, terwyl die plaaslike owerheid verantwoordelik is vir behuising.²³⁵ Die dolomitiese onderbou van die Wesrand maak grondontwikkeling baie duur en beïnvloed die ontwikkeling van infrastruktuur vanweë potensiële grondinsinkings.²³⁶

Die sentralisering van alle nooddienste aan die Wesrand en die skepping van die 107 Noodlyn, kan as die Wesrand Streekdiensteraad se grootste prestasie in belang van die Wesrandgemeenskappe gesien word. Die sentrum vir die 107-Noodlyn word in die kelder van die Krugersdorp Stadsaal gehuisves. Dit word 24 uur per dag beman deur personeel wat opgelei is om noodsituasies

²³³ Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer W24, *Krugersdorp Nuus*, 13 Nov. 1987.

²³⁴ Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer W24, Knipsel: *Munisipale en openbare dienste*, Nov. 1990.

²³⁵ Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer W24, *Wesrand Streekdiensteraad*, Nov. 1990.

²³⁶ Dolomiet of kalksteen is baie poreus met 'n hoë waterretensie. Die gevaar bestaan dat die dolomiet in droogte tye kan uitdroog, wat dit laat verbrokkel en sinkgate op die aardkors laat ontstaan. Vir hierdie doel moet omgewinginpakstudies met die oog op stedelike ontwikkeling, ook 'n studie van die geologiese onderbou van die gebied insluit. Koste verbonde aan hierdie studies is baie hoog. Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer W24, Knipsel: *Munisipale en openbare dienste*, Nov. 1990

telefonies te ontvang en te hanteer, en nooddienste soos die polisie, brandweer, ambulansdiens, geneeshere, hospitale, ensovoorts te aktiveer.²³⁷

Die Krugersdorp Stadsraad het as een van die grootste deelnemende munisipaliteite sedert die ontstaan van die Wesrand Streekdiensteraad 'n belangrike rol gespeel in die ontwikkeling van die streek, omdat die munisipaliteit oor die nodige infrastruktuur en amptenary daarvoor beskik. Die Stadsraad het reeds in 1950 gepleit vir gekoördineerde streekontwikkeling omdat hulle die Wesrand as 'n sosio-ekonomiese eenheid sien.²³⁸ Een van die belangrikste beginsels vir die sosio-ekonomiese ontwikkeling van die streek wat deur die stadsraad voorgestaan is, is die voorsiening van voldoende, bekostigbare standplase vir industriële ontwikkeling en effektiewe infrastrukture en dienslewering. Die Wesrand Streekontwikkelingsvereniging wat uit die Stadsraad se inisiatiewe van 1950 ontstaan het, kan as 'n voorloper van die Wesrand Streekdiensteraad gesien word. Die publisiteitsbeginsels van die Streekontwikkelingsvereniging stem ooreen met die Streekdiensteraad se doelstellings ter bevordering van toerisme in die streek.²³⁹

3.7. SLOTOPMERKING

Krugersdorp se munisipale ontwikkeling sedert 1903 is sterk blanksentries omdat die munisipale stelsel en politiek van die dag die Blanke bevoordeel het. Nieteenstaande die blanksentriese ontwikkeling is die dorp op 'n verantwoordelike wyse bestuur en geadministreer. Alhoewel die komiteestelsel, soos ingestel deur die eerste Munisipale Raad, 'n gesonde grondslag vir munisipale bestuur gelê het, was dit op die lang duur nie 'n doelmatige stelsel nie, want elke komitee het slegs die belange en werksaamhede van sy eie departement in aanmerking geneem. 'n Holistiese perspektief het dus ontbreek. Dit het aanleiding gegee tot onderlinge kompetisie en wrywing tussen amptenare en departemente. Die gevolglike

²³⁷ Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer N21, *Noodaen.ste*, sd.

²³⁸ Die sosio-ekonomiese rol van Krugersdorp in die Wesrand geniet aandag in hoofstuk ses.

²³⁹ TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/2/135, korrespondensielêer K8, Notule en memorandum *Industrial development committee of the West Rand*, 29 Jun. 1950.

duplisering van werk het nie net kostes verhoog nie, maar ook bygedra tot 'n sporadiese gebrek aan effektiewe dienslewering.²⁴⁰

Die bestuurstel het in 1962 met die implementering van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, No. 40 van 1960, verander. Die bestuur van die dorp het toe oorgegaan in die hande van 'n Bestuurskomitee, met die stadsklerk as hoof uitvoerendebeampte. Die Raadslede het die volwaardige verteenwoordigers van die dorp gebly met volle seggenskap in alle sake van die Stadsraad. Besluite wat deur die Stadsraad geneem word, word vir uitvoering na die Bestuurskomitee verwys, wat op sy beurt weer terugvoering aan die Stadsraad doen vir finale besluitneming. Die nuwe bestuurstelsel het tot gevolg dat raadsaangeleenthede sedertdien gedebatteer word voordat 'n beslissing gemaak word. Debattering het nie voorheen plaasgevind nie omdat die bespreking van items reeds in die komitees afgehandel is. Die vryheid van spraak in die debatte van die Raad, verseker dat raadslede sonder vrees vir vervolging met vrymoedigheid aan die bespreking van items kan deelneem.²⁴¹

Dit is moeilik om te beoordeel of die nuwe bestuurstelsel wel groter effektiwiteit in die hand gewerk het. Raadslede het oor 'n tydperk van jare met versienende verantwoordelikheid daarvoor gesorg dat Krugersdorp op alle terreine van die samelewing bestendig groei. Dit blyk wel uit die bestudering van die raadsnotules dat die administrasie van raadsake verbeter het en dat groter kohesie in aktiwiteite van die munisipaliteit ingetree het. Die feit dat items van alle departemente gelyktydig voor die Bestuurskomitee en die Stadsraad dien, het tot die groter samehorigheid bygedra. Die duplisering van dienslewering deur verskillende departemente is in die praktyk nie ten volle uitgeskakel nie. 'n Gebrek aan effektiewe roldefiniëring en koördinering van optrede het byvoorbeeld vandag (1998) nog duplisering van kultuurdienste aan die gemeenskap tot gevolg. Beide die afdeling Sport en Rekreasie en die Krugersdorp Museum bied byvoorbeeld vanuit sy eie invalshoek koor- en kunsfeeste vir die gemeenskap aan.

²⁴⁰ Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Verslag van die Edelagbare Burgemeester vir die tydperk geëindig 14 Maart 1961*, p.11.

²⁴¹ Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Notules Stadsraad van Krugersdorp, 1962-1993*.

Die gemeenskap het, behalwe vir die munisipale verkiesings, geen aandeel in die munisipale bestuurstelsel nie. Alhoewel die publiek deur middel van die openbare media en belastingbetalersverenigings hulle oor en teen die Stadsraad uitspreek, maak die munisipale stelsel geen voorsiening vir gemeenskapsdeelname in die besluitnemingsproses nie. Openbare vergaderings wat deur raadslede gereël is, het die verskaffing van inligting oor 'n bepaalde ontwikkeling, of die verklaring van 'n spesifieke raadsbesluit, ten doel. Die openbare vergaderings is selde gehou met die doel om die mening van die gemeenskap in te win voordat die Raad 'n besluit daaroor neem. Die openbare vergadering wat die Munisipale Raad in 1906 gehou het insake die aangaan van 'n lening van £100 000 (eenhonderd duisend pond) en die bou van die Stadsaal, kan as die uitsondering gesien word.²⁴² Die openbare vergaderings wat in 1964 gehou is, het die verskaffing van inligting insake die Krugersdorp Wildtuin ten doel gehad. Die Raad het reeds staande besluite oor die Wildtuin geneem en die kommer wat die gemeenskap tydens die vergaderings uitgespreek het, is volgens die *West Rand Times* nie deur die Stadsraad in aanmerking geneem nie.²⁴³

Die Nie-Blankegemeenskappe het weinig geleentheid gehad om hulle menings in en teenoor die Stadsraad te lig. Selfs die Advieskomitees se aanbevelings is nie altyd aan gehoor gegee nie, soos reeds na verwys,²⁴⁴ maar dit was veral met die instelling van groepsgebiede woongebiede vir die Indiër- en Bruingemeenskap, wat later bespreek word, dat die mening van hierdie gemeenskappe geen gewig gedra het nie.

Gebrek aan gemeenskapsbetrokkenheid by plaaslike bestuur word tans in die ontwikkeling van 'n demokratiese bestuurstelsel aangespreek.

²⁴² Kyk Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 30 October 1908*, pp.17,18.

²⁴³ Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *West Rand Times*, 27 Nov. 1964, p.3.

²⁴⁴ Kyk TAB, Pretoria, MKR, band 1/3/2/1/24, *Notule Openbare gesondheid en Nie-Blankeesake komitee*, 3 Des. 1945.